AFRIKAANS LIFE SKILLS

*National Curriculum Statement (NCS)*

# *Curriculum and Assessment Policy Statement*




## *Foundation Phase*
## *Grades R-3*

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD R-3

# LEWENSVAARDIGHEID

**Department of Basic Education**

222 Struben Street
Private Bag X895
Pretoria 0001
South Africa
Tel: +27 12 357 3000
Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110
Website: http://www.education.gov.za

**© 2011 Department of Basic Education**

**ISBN: 978-1-4315-0423-7**

Design and Layout by: Ndabase Printing Solution

Printed by: Government Printing Works

# FOREWORD BY THE MINISTER



Our national curriculum is the culmination of our efforts over a period of seventeen years to transform the curriculum bequeathed to us by apartheid. From the start of democracy we have built our curriculum on the values that inspired our Constitution (Act 108 of 1996). The Preamble to the Constitution states that the aims of the Constitution are to:

- heal the divisions of the past and establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights;
- improve the quality of life of all citizens and free the potential of each person;
- lay the foundations for a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law; and
- build a united and democratic South Africa able to take its rightful place as a sovereign state in the family of nations.

Education and the curriculum have an important role to play in realising these aims.

In 1997 we introduced outcomes-based education to overcome the curricular divisions of the past, but the experience of implementation prompted a review in 2000. This led to the first curriculum revision: the *Revised National Curriculum Statement Grades R-9* and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* (2002).

Ongoing implementation challenges resulted in another review in 2009 and we revised the *Revised National Curriculum Statement* (2002) to produce this document.

From 2012 the two 2002 curricula, for *Grades R-9* and *Grades 10-12* respectively, are combined in a single document and will simply be known as the *National Curriculum Statement Grades R-12.* The *National Curriculum Statement for Grades R-12* builds on the previous curriculum but also updates it and aims to provide clearer specification of what is to be taught and learnt on a term-by-term basis.

The *National Curriculum Statement Grades R-12* accordingly replaces the Subject Statements, Learning Programme Guidelines and Subject Assessment Guidelines with the

(a) Curriculum and Assessment Policy Statements (CAPS) for all approved subjects listed in this document;

(b) *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; and

(c) *National Protocol for Assessment Grades R-12.*



**MRS ANGIE MOTSHEKGA, MP**
**MINISTER OF BASIC EDUCATION**

# INHOUD

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Tydstoekenning ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10-12 ..... 7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSVAARDIGHEID ..... 8**

**2.1 Wat is die vak lewensvaardigheid? ..... 8**

**2.2 Spesifieke doelwitte ..... 8**

**2.3 Verduideliking van die lewensvaardigheidstudie-areas ..... 8**

**2.4 Onderrig in die grondslagfase ..... 10**

**2.5 Hulpbronne vir lewensvaardigheid ..... 13**

**2.6 Tydstoekenning vir die studie-areas in lewensvaardigheid in die grondslagfase ..... 14**

**2.7 Onderwerpe ..... 14**

**2.8 Gewig per onderwerp ..... 15**

**2.9 Opeenvolging en progressie ..... 15**

**AFDELING 3: OORSIG OOR DIE LEERPLAN ..... 16**

**AFDELING 4: ASSESSERING ..... 70**

**4.1 Inleiding ..... 71**

**4.2 Assesseringsprogram ..... 71**

**4.3 Inklusiwiteit ..... 71**

**4.4 Rekordering en Verslaggewing ..... 71**

**4.5 Algemeen ..... 72**

# AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## 1.1 Agtergrond

Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (NCS)* bepaal beleid oor kurrikulum en assessering in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

## 1.2 Oorsig

(a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* verteenwoordig 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende:

(i) die Kurrikulum - en Assesseringsbeleidsverklarings vir elke goedgekeurde skoolvak;

(ii) die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12;* en

(iii) die beleidsdokument, *National Protocol for Assessment Grades R-12 (January 2012).*

(b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) die *Revised National Curriculum Statement Grades R-9, Government Gazette No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) die *National Curriculum Statement Grades 10-12, Government Gazettes, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in subparagrawe b(i) en (ii), wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word toenemend deur die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea- / Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleid, *National Policy on assessment and qualifications for schools in the General Education and Training Band*, afgekondig in die *Government Notice No. 124* in die *Government Gazette No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleid, *National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF)*, afgekondig in *Government Gazette No. 27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding learners with special needs,* gepubliseer in die *Government Gazette, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleid, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12;* en

(v) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding the National Protocol for Assessment (Grades R-12)*, afgekondig in die *Government Notice No. 1267* in die *Government Gazette No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat word, bevat die norme en standaarde van die *National Curriculum Statement Grades R-12.* Dit sal in terme van *afdeling 6A* van die *South African Schools Act,* 1996 *(Act No. 84 of 1996),* die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum**

(a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van ’n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers ’n voldoende profiel van ’n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig ’n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse
- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die struikelblokke in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Guidelines for Inclusive Teaching and Learning (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD R (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 7/8 | 7/8 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| **Lewensvaardighede:** | **6** | **6** | **7** |
| • Aanvangskennis | (1) | (1) | (2) |
| • Skeppende kunste | (2) | (2) | (2) |
| • Liggaamsopvoeding | (2) | (2) | (2) |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1) | (1) | (1) |
| **Totaal** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ’n Maksimum tyd van 8 uur en ’n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ’n minimum tyd van 2 uur en ’n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ’n maksimum van 8 uur en ’n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ’n Minimum van 3 uur en ’n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| **Lewensvaardighede:** | **4** |
| • Skeppende kunstete | 1,5 |
| • Liggaamsopvoeding | 1 |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | 1,5 |
| **Totaal** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende kunste | 2 |
| **Totaal** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4.5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4.5 |
| Wiskunde | 4.5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B *(Annexure B, Tables B1-B8)*** van die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12,* onderhewig aan die bepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **Totaal** | **27,5** |

Die tydstoekenning per week mag net vir die minimum vereiste vakke in die *National Curriculum Statement Grades R-12* (NCS) soos hierbo uiteengesit, gebruik word. Dit mag nie vir enige addisionele vakke wat tot die vakkeuselys gevoeg is, gebruik word nie. As ’n leerder enige addisionele vakke wil aanbied, moet ekstra tyd toegeken word vir die onderrig van hierdie vakke.

# AFDELING 2

## 2.1 Wat is die vak lewensvaardigheid?

Die vak lewensvaardigheid is die middelpunt vir die holistiese ontwikkeling van leerders. Dit het betrekking op die sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en fisiese groei, en die manier waarop dit geïntegreer word.

In die *Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring* word lewensvaardigheid in die grondslagfase (graad R-3) in vier areas georganiseer, naamlik:

- aanvangskennis;
- persoonlike en sosiale welsyn;
- Skeppende kunste; en
- liggaamsopvoeding.

Lewensvaardigheid word op hierdie manier georganiseer om te verseker dat die grondleggingsvaardighede, waardes en -begrippe van vroeë kinderontwikkeling en die vakke wat in graad 4 - 12 aangebied word, onderrig en in graad R-3 ontwikkel word. Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn word in die onderwerpe geïntegreer. Lewensvaardigheid is ‘n vak wat oor verskillende terreine heen sny en moet die onderrig van die ander kernvakke in die grondslagfase, naamlik Tale (Huistaal en Eerste Addisionele Taal) en wiskunde ondersteun en versterk.

## 2.2 Spesifieke doelwitte

Die vak lewensvaardigheid is daarop gemik om leerders vir die uitdagings van ‘n snelveranderende en transformerende gemeenskap toe te rus. Deur middel van lewensvaardigheid word leerders aan ‘n verskeidenheid kennis, vaardighede en waardes blootgestel ter versterking van die volgende:

- fisiese, sosiale, persoonlike, emosionele en kognitiewe ontwikkeling;
- kreatiewe en estetiese kennis en vaardighede deur middel van dans, musiek, drama en visuele kuns;
- kennis van persoonlike gesondheid en veiligheid;
- begrip vir die verwantskap tussen mens en omgewing; en
- bewustheid van die sosiale en tegnologiese prosesse en elementêre wetenskap.

## 2.3 Verduideliking van die lewensvaardigheidstudie-areas

**Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn**

**Aanvangskennis**

Die inhoud en begrippe van aanvangskennis word uit die sosiale wetenskap (geskiedenis en aardrykskunde); natuurwetenskap en tegnologie geneem. Die begrip en vaardighede wat met hierdie dissiplines in die grondslagfase verband hou, word vervolgens beskryf.

*Sosiale wetenskap-begrippe;* bewaring, oorsaak en gevolg, plek, aanpassing, verhoudinge en interafhanklikheid, diversiteit, individualiteit en veranderinge

*Natuurwetenskap-begrippe;* lewe, energie en veranderinge, materie en materiaal; die planeet aarde en ander hemelliggame

*Wetenskap-prosesvaardighede;* waarneming, vergelyking, klassifisering van data, meting, eksperimentering en kommunikasie

*Tegnologie-prosesvaardighede;* ondersoek, ontwerp, maak, evalueer, kommunikeer

**Persoonlike en sosiale welsyn**

Persoonlike en sosiale welsyn is ‘n belangrike studie-area vir jong leerders, omdat hulle steeds leer hoe om na hulself om te sien en hulself gesond te hou. Dit sluit sosiale en emosionele gesondheid in, asook verhoudinge met ander mense en die omgewing wat op waardes en houdings berus. Persoonlike en sosiale welsyn sal leerders help om ingeligte, moreel verantwoordelike en verantwoordbare besluite oor hul gesondheid en die omgewing te neem. Dit raak kwessies soos voeding, siekte (wat MIV/vigs insluit), veiligheid, geweld, mishandeling en omgewingsgesondheid. Leerders sal die vaardighede ontwikkel om ‘n positiewe bydrae tot die familie en gemeenskap te lewer en terselfdertyd die waardes wat in die Grondwet van Suid-Afrika vervat is, in te oefen. Leerders sal leer om hulle grondwetlike regte en verantwoordelikhede te beoefen, die regte van ander te respekteer en verdraagsaam teenoor kulturele en geloofsdiversiteit te wees om sodoende ‘n betekenisvolle bydrae tot ‘n demokratiese gemeenskap te maak.

**Skeppende kunste**

In Skeppende kunste word die leerder aan vier kunsvorme blootgestel: dans, drama, musiek en visuele kuns. Die hoofdoel van Skeppende kunste is om die leerder as kreatiewe, verbeeldingryke wese te ontwikkel wat kuns kan waardeer. Dit verskaf basiese kennis en vaardighede om aan kreatiewe aktiwiteite deel te neem.

Grondslagfase-leerders is inherent kreatief, en kuns word spontaan deur middel van spel aangeleer. Leerders word gelei om hul verbeelding te gebruik, met materiaal te werk en dit te manipuleer, te beweeg, musiek te maak en stories te vertel. Leerders moet hul sintuie, gevoelens en waarnemingsvermoëns gebruik om kreatiewe idees te ontwikkel wat op hul persoonlike ervaringe gegrond is. Die fokus van leer behoort op die ontwikkeling van vaardighede te wees wat deur middel van genotvolle, eksperimentele prosesse, eerder as op die eindproduk fokus. Die inleiding van die kreatiewe vaardighede is belangrik in die ontwikkeling en beheer van die groot- en fynmotoriese vaardighede. Die kreatiewe kuns het dit ten doel om die grondslag vir ’n gebalanseerde, kreatiewe, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling te lê. Die kreatiewe kuns is in twee parallelle en komplementêre strome ingedeel, naamlik visuele en uitvoerende kuns (dans, drama, musiek).

In visuele kuns word sensories-motoriese vaardighede, asook fyn- en grootmotoriese koördinasie deur die manipulasie van materiale en die bemeestering van ’n verskeidenheid kunstegnieke ontwikkel. Tweedimensionele (2D) werk verryk die leerder se ervaring van die werklike wêreld deur visuele en sensoriese stimulasie, bespreking en bevraging, en moedig hulle aan om die liggaam in beweging te teken: klim, hardloop, sit, lê. Daar is nie ’n korrekte manier van teken nie, en leerders word aangemoedig om hulself vrylik, sonder vrees vir kritiek, uit te druk. Driedimensionele (3D) werk ontwikkel die begrip van vorm in die ruimte wanneer dele aanmekaar geheg word, soos by klei, die plak van papier op papier, die uitknip van vorms, vou, vasbind en toedraai. Die formele toepassing van een of meer van die kunselemente behoort in elke visuele kunsles ingewerk te word. Leerders behoort lyne, vorms en kleure te gebruik en moet daartoe in staat wees om daaroor te praat.

Uitvoerende kuns in die grondslagfase bied leerders die geleentheid om kreatief te kommunikeer, te dramatiseer, te sing, musiek te maak, te dans en met beweging te eksperimenteer. Leerders ontwikkel hul fisieke vaardighede en kreatiwiteit deur middel van uitvoerende kuns. Uitvoerende kuns stimuleer geheue, bevorder verhoudings en bou selfvertroue en -dissipline. Kreatiewe speletjies en vaardighede berei die liggaam en stem voor en speletjies word as instrumente vir leervaardighede gebruik. Improvisasie en interpretasie laat leerders toe om musiek, beweging en drama as individue of in ‘n groep te skep.

**Liggaamsopvoeding**

In die grondslagfase is die ontwikkeling van die leerder se fyn- en grootmotoriese vaardighede en waarnemingsontwikkeling belangrik. Fisieke en motoriese ontwikkeling vorm ‘n integrale deel van die holistiese ontwikkeling van die leerder. Dit speel ‘n belangrike rol in die leerder se sosiale, persoonlike en emosionele ontwikkeling. Spel, beweging, speletjies en sport dra tot die ontwikkeling van positiewe houdings en waardes by. Hierdie area fokus op waarneming en bewegingsontwikkeling, ritme, balans en lateraliteit. In die grondslagfase is die fokus op speletjies, en sommige aktiwiteite sal die basis vir die latere beoefening van sport vorm. Fisiese groei, ontwikkeling, ontspanning en spel word beklemtoon.

## 2.4 Onderrig in die grondslagfase

Graad R-leerders kan in die 0 tot 4 jaar-ontwikkelingstadium val. Dit is om hierdie rede dat die Nasionale Vroeë Leerontwikkelingstandaarde (NVLOS) ‘n belangrike verwysingsdokument vir beplanning, onderrig en leer is. Daar is belangrike vaardighede wat jong leerders moet bemeester en verstaan voordat hulle graad 1 toe gaan, en graad R moet die geleentheid bied om daardie vaardighede te bemeester. Een van die belangrikste rolle van die graad R-onderwyser is om aan die leerder ‘n omgewing wat veilig, skoon en geborge is te bied, met genoegsame geleenthede om te speel en die wêreld onder die sorgsame leiding van die onderwyser te ontdek.

Die onderwyser moet die volgende vir die leerders voorsien:

- roetine, gestruktureerde aktiwiteite, en genotvolle en hanteerbare vryspelaktiwiteite;
- ‘n reeks hulpbronne vir roetine, en gestruktureerde en vryspelaktiwitieite; en
- ‘n goed beheerde, kindervriendelike en vrylik toeganklike omgewing.

Alle grondslagfase-leerders, en in die besonder graad R-leerders, moet nie die hele oggend op stoele agter tafels deurbring nie. Hulle het gemaklike ruimtes, met komberse en kussings nodig, asook werksruimtes met stoele en tafels waar hulle kan speel en werk en vrylik kan rondbeweeg. Gewoonlik bestaan die grondslagfaserooster uit roetine-, vryspel-, binnenshuise, buitemuurse en gestruktureerde aktiwiteite. Roetine en vryspelaktiwitieite is in die KABV-dokument ingebou, omdat dit gewoonlik die leerders in liggaamlike of gesondheidsopvoeding betrek.

### 2.4.1 Roetine-aktiwiteite

Roetine-aktiwiteite vind elke dag op dieselfde tyd plaas. Ten minste 10 minute van die toegewysde tyd vir lewensvaardigheidstudie moet daagliks vir roetine-aktiwiteite aangewend word, byvoorbeeld die datumkaart kan 10 minute van die toegewysde tyd vir aanvangskennis neem, omdat leerders die dae van die week, maande en datums leer. Van die toegewysde tyd kan 10 minute vir ‘n “skoonmaak”-roetine in Skeppende kunste gebruik word, aangesien dit ‘n baie belangrike lewensvaardigheid is. Van die toegewysde tyd kan 10 minute vir persoonlike en sosiale welsyn vir weeklikse of maandelikse gesondheidsondersoeke gebruik word, met ’n opdrag om apparaat weg te pak en toepaslike klere te dra.

Roetine-aktiwiteite sluit die volgende in:

- groetvorme;
- toiletroetine;
- die hantering van verjaardag-, datum- en gesondheidskaarte;
- voorbereiding vir Skeppende kunste en opvoedkundige aktiwiteite, byvoorbeeld die aansit van voorskote, skoene uittrek; en
- opruiming na kreatiewe kuns en vryspel.

### 2.4.2 Vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs

Vryspelaktiwiteite kan binnenshuis en buitemuurs plaasvind. Die tyd wat vir liggaamsopvoeding en Skeppende kunste toegewys is, kan vir vryspel gebruik word, omdat die liggaamlike vaardighede wat gedurende vryspel aangeleer en ingeoefen word deur hierdie twee studie-areas ondersteun word.

Vryspelaktiwiteite sluit die volgende in:

| VRYSPEL BINNE | VRYSPEL BUITE |
|---|---|
| Vrye kuns (verf, teken, modellering) | Water- en modderspel |
| Skeur en knip | Sandspel |
| Plak | Sensoriese spel |
| Blokkiesarea | Fantasiespel |
| Fynmotoriese aktiwiteite (die vashou van potlode, tange en haartangetjies, legkaarte, ryg, weef, versiering van rame) | Grootmotoriese aktiwiteite (klim, swaai, balanseer, ensovoorts) |
| Sandputspel | Blokspeletjies |
| Fantasiespel | Balspeletjies |
| Boekarea | Speelgoed met wieletjies |
| Ontdekkingsarea (belangstellingstafel, die pas en sortering van kaarte) | Konstruksie |
| Musiekarea | Tuinmaak |
| Skryfarea | Die versorging van diere |
| | Kunsaktiwiteite wat buite plaasvind |

### 2.4.3 Gestruktureerde aktiwiteite

Gestruktureerde aktiwiteite is kort onderrig- en leeraktiwiteite wat gewoonlik deur die onderwyser gelei word. Na aanleiding van die les kan dit met individuele leerders, in kleiner groepe of as ‘n klasaktiwiteit gedoen word. Die begrippe, inhoud en vaardighede vir gestruktureerde aktiwiteite word in die studie-areas van die kurrikulumdokument gespesifiseer.

### 2.4.4 Perseptuele vaardighede

Die ontwikkeling van perseptuele vaardighede in jong leerders is uiters belangrik in die vaslegging van alle toekomstige ontwikkeling en leer. Persepsie beteken om die sintuie te gebruik om inligting oor die omgewing of situasie te verkry. Die ontwikkeling van perseptuele vaardighede kan in alle vorme van leer voorkom. Onderwysers moet op die ontwikkeling van perseptuele vaardighede oor al vier studie-areas, asook in tale en wiskunde fokus. Die volgende is belangrike perseptuele vaardighede waaraan onderwysers aandag moet skenk:

**Visuele persepsie -** die verkryging en interpretering van inligting deur die oë - akkurate visuele persepsie stel die leerder in staat om te lees, te skryf en wiskunde te doen.

**Visuele diskriminasie -** die vermoë om ooreenkomste, verskille en besonderhede van voorwerpe raak te sien.

**Visuele geheue -** die vermoë om te onthou wat gesien is en die korrekte volgorde waarin goed waargeneem word, te onthou.

**Ouditiewe persepsie -** die verkryging en interpretering van inligting deur gehoor - akkurate ouditiewe persepsie stel die leerder in staat om te verstaan wat gehoor word.

**Ouditiewe diskriminasie -** die vermoë om ooreenkomste en verskille in klanke te hoor.

**Ouditiewe geheue -** die vermoë om te onthou wat gehoor is, asook die korrekte volgorde waarin klank waargeneem word.

**Hand-oog-koördinasie -** die hande en oë werk saam wanneer ‘n beweging uitgevoer word, byvoorbeeld wanneer ‘n bal gegooi of gevang word.

**Liggaamsbeeld -** ‘n totale bewustheid van eie liggaam, byvoorbeeld hoe dit beweeg en funksioneer.

**Lateraliteit -** bewustheid van elke kant van die liggaam, byvoorbeeld watter hand waai.

**Dominansie -** die keuse om een hand of kant van die liggaam te gebruik, byvoorbeeld regter- of linkerdominansie.

**Kruising van die middellyn -** die vermoë om oor die vertikale middellyn te werk, byvoorbeeld om ‘n lyn van die een kant tot die ander kant van ‘n bladsy te trek, sonder om die skryfinstrument van een hand na die ander hand te verplaas.

**Voorgrond-agtergrond-persepsie -** die vermoë om die aandag op ‘n spesifieke voorwerp of aspek te fokus, terwyl alle ander stimuli geïgnoreer word; die voorwerp waarop die aandag gevestig word, is dus op die voorgrond van die waarnemingsveld, terwyl die res op die agtergrond is, byvoorbeeld om een woord in ‘n sin te lees.

**Vormpersepsie -** die vermoë om vorms, simbole, letters, ensovoorts te herken, ten spyte van posisie, grootte, agtergrond, byvoorbeeld om 'n sirkel as gevolg van die unieke vorm te herken.

**Ruimtelike persepsie -** die vermoë om ruimte rondom die liggaam, of die verhouding tussen die voorwerp en die waarnemer te verstaan, byvoorbeeld: die hoed is op my kop.

## 2.5 Hulpbronne vir lewensvaardigheid

Daar is sekere standaard toerusting vir die grondslagfaseklas. Party van hierdie toerusting is makliker bekombaar as ander, maar ideaal gesproke behoort leerders ten alle tye toegang tot hierdie standaard toerusting te hê. Hierdie hulpbronne kan tydens vryspel en gestruktureerde aktiwiteite gebruik word, of nadat 'n gegewe taak suksesvol uitgevoer is. Standaard toerusting vir die grondslagfase sluit die volgende items in:

- boontjiesakkies; springtoue; hoepels; verskillende grootte balle; balanseerbalke; buitemuurse speelapparaat soos buitebande, klim-en-klouterapparaat, klimtoue en bome; serpe; stroke materiaal; kolwe; houers, byvoorbeeld bakke, emmers en blikke wat as teikens gebruik kan word; kegels; bottels; harde, plat, oop oppervlakke; stokke; swaaie; stene; ballonne;
- waskryt, papier, oliepastelle, kryt, 2B-potlode, viltpenne, houtskool, sand;
- verf, ink, kleursel, modder;
- verskillende groottes kwaste;
- velle papier van verskillende groottes en kleure;
- pottebakkersklei, papiermaché, speeldeeg, modder;
- krale van glas, papier of plastiek; strooitjies, macaroni, skulpe, ensovoorts;
- herwinbare materiaal, soos kartondose, toiletrolle, polistireenhouers en verpakkingsmateriaal, kurk, toedraaipapier, tinfoelie, wol, tou, klippe, sade, koerante, tydskrifte;
- gom, kartonstroke, skêre, voorafbereide stysel;
- 'n CD-speler, CD's, musiekinstrumente;
- ou klere, kombuisgereedskap, houers vir gebruik tydens fantasie- en rolspel;
- legkaarte en ander gekoopte en tuisgemaakte opvoedkundige speelgoed;
- prente en kaarte;
- storie- en prenteboeke; en
- 'n vergrootglas.

Vir Skeppende kunste word die volgende benodig:

- ‘n oop ruimte;
- musiekinstrumente;
- klank- en oudiovisuele toerusting en ‘n verskeidenheid gepaste musiek;
- kaarte en plakkate;
- ‘n verskeidenheid rekwisiete, byvoorbeeld materiaal, balle, verskillende groottes en vorms voorwerpe, ou klere; en
- visuele stimuli vir skets en ontwerp.

Spesifieke materiaal wat benodig word vir die spesifieke onderwerpe, word in afdeling 3 gespesifiseer.

## 2.6 Tydstoekenning vir die studie-areas in lewensvaardigheid in die grondslagfase

Die Tydstoekenning vir lewensvaardigheid is 60 uur per kwartaal vir graad R - 2, en 70 uur per kwartaal vir graad 3. Dit beteken dat in ‘n 5-dagsiklus in graad R tot graad 2 aanvangskennis, persoonlike en sosiale welsyn vir 2 ure, Skeppende kunste vir 2 ure, liggaamsopvoeding vir 2 ure onderrig sal word. In graad 3 sal aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn vir 3 ure, Skeppende kunste vir 2 ure en liggaamsopvoeding vir 2 ure onderrig word.

| GRAAD R - 2 | | TOTALE TYDS-TOEWYSING PER KWARTAAL | GRAAD 3 | | TOTALE TYDS-TOEWYSING PER KWARTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Aanvangs-kennis en persoonlike en sosiale welsyn | (2 ure per week) | 60 ure | Aanvangs-kennis en persoonlike en sosiale welsyn | (3 ure per week) | 70 ure |
| Skeppende kun-ste | (2 ure per week) | | Skeppende kun-ste | (2 ure per week) | |
| Liggaamlike opvoeding | (2 ure per week) | | Liggaamlike opvoeding | (2 ure per week) | |

Hierdie komponente is fundamenteel in die holistiese ontwikkeling van die leerder en moet daagliks of weekliks in die graad R tot 3-kurrikulum behandel word.

## 2.7 Onderwerpe

Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn in die lewensvaardigheid-kurrikulum word in onderwerpe georganiseer. Die gebruik van onderwerpe word aanbeveel as ‘n manier om die inhoud van die verskillende studie-areas, waar moontlik en waar dit van toepassing is, te integreer. Onderwysers word aangemoedig om die onderwerpe aan te pas, sodat dit by die skool se konteks kan pas. Onderwysers word ook aangemoedig om hul eie onderwerpe te kies, sou dit meer geskik wees.

## 2.8 Gewig per onderwerp

Die kurrikulum is oor 40 weke van die jaar ontwerp. Benaderde Tydstoekenning word vir elke kwartaal en vir elke onderwerp gegee. Roetine-aktiwiteite en binnenshuise en buitemuurse spel moet ook in die skedule ingewerk word. Onderwysers mag die tyd self organiseer; hulle mag byvoorbeeld besluit om 30 minute elke dag, behalwe Vrydae, vir aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn, en 1 uur op ‘n Dinsdag en ‘n Donderdag vir Skeppende kunste te gebruik.

## 2.9 Opeenvolging en progressie

‘n Aanbevole voorskrif vir die onderwerpe word as een van die belangrike beginsels vir vroeë kinderontwikkeling gegee. Begin met dit wat vir die leerder bekend is, en stel die leerder algaande aan minder bekende onderwerpe en vaardighede bekend. Opeenvolging en progressie word dus in die ontwerp van die onderwerpe ingebou. Die opeenvolging van die onderwerpe mag verander, maar onderwysers moet van die progressie en die vlak waarop die onderwerp aangebied word, kennis neem.

# AFDELING 3: OORSIG OOR DIE LEERPLAN

## GRAAD R

| KWARTAAL 1 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>• ‘n Keuse van boeke<br>• Flitskaarte<br>• Prente<br>• Toerusting vir goeie, higiëniese praktyke<br>• Belangstellingstafel - Somer<br>• Voorwerpe van verskillende vorms en kleure |
| • Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer<br>• Feeste en spesiale dae moet gedurende die kwartaal bespreek word soos dit in die gemeenskap plaasvind (2 ure per kwartaal word daarvoor toegewys)<br>**Onderwerp: Ek - 2 ure**<br>• Persoonlike besonderhede - naam, ouderdom, adres, kontaknommer<br>• Wat maak my spesiaal - sluit naam, taal/tale, geslag in<br>• Vermoëns en belangstellings<br>Nota: Slegs enkele leerders sal hul adres en kontaknommers ken. Verwys weer later daarna.<br>**Onderwerp: By die skool - 2 ure**<br>• Naam van die skool, onderwyser en hoof<br>• Toilette en speelareas<br>• Reëls en roetine by die skool<br>**Onderwerp: In die klaskamer - 2 ure**<br>• Waar hou ek my goed in die klaskamer<br>• Klasreëls<br>• Samewerking in die klaskamer<br>• Hoe wys ek my gevoelens in die klaskamer<br>• Hoe druk ek my gevoelens uit<br>**Onderwerp: Boeke - 2 ure**<br>• Waarom benodig ons boeke<br>• Versorging van boeke<br>• Gebruik boeke vir inligting<br>• Stories waarvan ek hou<br>• Waar kan ek boeke vind<br>**Onderwerp: Dae van die week - 2 ure**<br>• Dae van die week<br>• Wat doen ons op verskillende dae<br>• Gister, vandag en môre | | |

**Onderwerp: My liggaam - 2 ure**

- Identifiseer en benoem liggaamsdele
- Funksies van verskillende liggaamsdele
- Wie mag en wie mag nie aan my liggaam raak nie
- Wat my liggaam nodig het om gesond te bly

**Onderwerp: Gesonde leefwyse - 2 ure**

- Goeie higiëne
- Was gereeld
- Borsel tande, hare en naels en hou dit skoon
- Was vrugte voordat dit geëet word
- Goeie toiletgewoontes
- Slaap
- Oefening

**Onderwerp: Somer - 2 ure**

- Die weer in somer
- Hoe dit die natuur beïnvloed
- Hoe dit diere beïnvloed
- Hoe dit mense beïnvloed - byvoorbeeld wat ons eet, aantrek, doen en speletjies wat ons speel

**Onderwerp: Vorms en kleure rondom ons - 2 ure**

- Kyk na en benoem verskillende vorms
- Voorwerpe wat deur verskillende vorms gemaak kan word
- Kyk na en benoem verskillende kleure
- Skakerings van kleure - byvoorbeeld lig en donker

**Feeste en spesiale dae - 2 ure**

<table>
<tr><th colspan="3">KWARTAAL 2 GRAAD R</th></tr>
<tr><td>Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn</td><td>20 ure<br>(2 ure per week)</td><td>Aanbevole hulpbronne<br>• Voorbeelde van artikels wat ons by die huis gebruik<br>• Foto's wat by familiefeeste geneem is<br>• Prente wat verskillende weersomstandighede weergee<br>• Belangstellingstafel - Herfs<br>• Verskillende artikels wat klank voortbring - insluitend musiekinstrumente<br>• Verskillende goed waaraan geproe, gevat en geruik kan word</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Doen roetine-en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer<br>• Feeste en spesiale dae moet gedurende die kwartaal bespreek word soos dit in die gemeenskap plaasvind (2 ure per kwartaal word daarvoor toegewys)<br>Onderwerp: By die huis - 2 ure<br>• Wie bly by die huis?<br>• Wat doen ek by die huis?<br>• Wie werk by die huis?<br>• Verskillende take wat ons by die huis doen<br>Onderwerp: Veiligheid - 2 ure<br>• Hoe om veilig by die huis te wees<br>• Veilige plekke om te speel<br>• Gevaarlike plekke om te speel<br>• Padveiligheid<br>Onderwerp: My gesin - 2 ure<br>• Wie is almal my gesinslede?<br>• Aktiwiteite wat ons as gesin saam kan doen<br>• Aktiwiteite wat ons as gesin vier - troues, goeie nuus, verjaarsdae<br>Nota: Leerders kom uit verskillende tipes gesinne. Verseker inklusiwiteit.<br>Onderwerp: Die weer - 2 ure<br>• Hoe lyk die lug - sluit kleur en wolke in<br>• Warm dae, koue dae, sonnige dae, reënerige dae, winderige dae - wat om op hierdie dae aan te trek<br>Nota: Maak seker dat die leerders nooit direk na die son kyk nie.<br>Onderwerp: Herfs - 2 ure<br>• Die weer gedurende herfs<br>• Hoe dit die natuur beïnvloed<br>• Hoe dit diere beïnvloed<br>• Hoe dit mense beïnvloed - byvoorbeeld wat ons eet, aantrek, doen en speletjies wat ons speel</td></tr>
</table>

**Onderwerp: Klank - 2 ure**

- Klanke wat ons hoor
- Wat veroorsaak die klanke wat ons hoor?
- Musiek waarvan ek hou
- Hoe ons gehoor ons veilig hou
- Die versorging van my ore

Nota: Pas die kurrikulum aan vir gehoorgestremde leerders, indien nodig.

**Onderwerp: Sig - 2 ure**

- Voorwerpe rondom my
- Lig, donker en skaduwees
- Hoe kan dit wat ons sien ons veilig hou
- Die versorging van my oë

Nota: Pas die kurrikulum aan vir gesiggestremde leerders, indien nodig.

**Onderwerp: Voel - 2 ure**

- Verskillende dinge wat ons voel
- Bekendstelling van nuwe woorde: hard, sag, glad, grof, koud, warm, lou, koel
- Ervaar verskillende temperature en teksture

**Onderwerp: Smaak en reuk - 2 ure**

- Smake en reuke waarvan ek hou
- Nuwe smake
- Veiligheid wanneer ek proe
- Verskillende reuke rondom ons
- Waar kom reuke vandaan?

**Feeste en spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 3 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br><br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br><br>Bykomende hulpbronne vir lewensvaardigheid:<br>• ‘n Belangstellingstafel - *Winter*<br>• Prente van vervoermiddels uit die verlede<br>• Prente van mense wat verskillende beroepe beoefen<br>• Nooi iemand om ‘n praatjie oor ‘n interessante beroep te lewer<br>• Waterspelarea met houers om te skink en te meet<br>• Voorwerpe wat kan dryf en sink<br>• Verskeie leë suiwelprodukhouers<br>• Bolletjies wol en produkte wat van wol gemaak word<br>• Voorbeelde van herwinbare materiaal |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Feeste en spesiale dae moet gedurende die kwartaal bespreek word soos dit in die gemeenskap plaasvind (2 ure per kwartaal word daarvoor toegewys)

**Onderwerp: Winter - 2 ure**

- Die weer tydens winter
- Hoe dit die natuur beïnvloed
- Hoe dit diere beïnvloed
- Hoe dit mense beïnvloed - byvoorbeeld wat ons eet, aantrek, doen en speletjies wat ons speel

**Onderwerp: Vervoer - 2 ure**

- Hoe kom ek by die skool?
- Verskillende vervoermiddels
- Vervoermiddels uit die verlede

**Onderwerp: Beroepe - 2 ure**

Beroepe met betrekking tot …

- Vervoer, byvoorbeeld trein- en trokdrywers, taxibestuurders; verkeersbeamptes, vlieëniers en bemanning
- Gesondheid, byvoorbeeld dokters, tandartse, ambulansbestuurders
- Voedsel, byvoorbeeld winkeliers, kelners, bakkers, boere
- Dienste, byvoorbeeld bouers, loodgieters, elektrisiëns, verwers

Nota: Herinner leerders daaraan dat ‘n man of ‘n vrou die keuse het om enige beroep te beoefen.

**Onderwerp: Water - 2 ure**

- Voorwerpe wat kan dryf en sink
- Lewe in die water
- Meng verskillende goed in water om te sien hoe dit verander
- Skink en meting van water
- Waterbesparing

**Onderwerp: Vrugte - 2 ure**

- Verskillende soorte vrugte
- Smaak en teksture van vrugte
- Waar kom vrugte vandaan?
- Kleure en vorms van vrugte

**Onderwerp: Groente - 2 ure**

- Verskillende soorte groente
- Smaak en teksture van groente
- Waar kom groente vandaan?
- Kleure en vorms van groente

**Onderwerp: Suiwelboerdery - 2 ure**

- Suiwelprodukte en waar dit vandaan kom
- Hoe word botter gemaak?

**Onderwerp: Wolboerdery - 2 ure**

- ‘n Skaapplaas
- Waar kom wol vandaan?
- Gebruike van wol

**Onderwerp: ’n Gesonde omgewing - 2 ure**

- Die belangrikheid van ‘n skoon omgewing
- Maniere waarop mense die omgewing besoedel
- Die belangrikheid van herwinning

**Feeste en spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 4 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br><br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br><br>Bykomende hulpbronne vir lewensvaardigheid:<br>• 'n Belangstellingstafel - Lente<br>• Biblioteek/inligtingsboeke<br>• Prente |

- Doen roetine-en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Feeste en spesiale dae moet gedurende die kwartaal bespreek word soos dit in die gemeenskap plaasvind (2 ure per kwartaal word daarvoor toegewys)

**Onderwerp: Lente - 2 ure**

- Die weer in lente
- Hoe dit die natuur beïnvloed
- Hoe dit diere beïnvloed
- Hoe dit mense beïnvloed - byvoorbeeld wat ons eet, aantrek, doen en speletjies wat ons speel

**Onderwerp: Voëls - 2 ure**

- Verskillende soorte voëls
- Algemene eienskappe van 'n voël - vere, twee bene, bek, lê eiers
- Voëls wat nie kan vlieg nie - volstruis, pikkewyn
- Neste

**Onderwerp: Reptiele - 2 ure**

- Verskillende reptiele - byvoorbeeld krokodil, slang, akkedis
- Eienskappe van reptiele - koudbloedig, liggaam bedek met skubbe, lê eiers
- Vind inligting oor ten minste een reptiel

**Onderwerp: Dinosourusse - 2 ure**

- Verskillende dinosourusse
- Hoe dinosourusse gelewe het
- Wat weet ons vandag van dinosourusse?

Nota: Gebruik prenteboeke uit die biblioteek.

**Onderwerp: Wilde diere - 2 ure**

- Wat is 'n wilde dier?
- Soorte wilde diere
- Waar kry ons wilde diere?
- Leefwyse van wilde diere

**Onderwerp: Vind inligting oor een wilde dier - 2 ure**

- Kies een wilde dier om te bestudeer
  - Hoe lyk die dier?
  - Hoe lyk die dier se habitat?
  - Wat eet die dier?
  - Kleintjies en waar hulle gebore word
  - Enige bykomende interessante feit

**Onderwerp: Sport - 2 ure**

- Sportsoorte waarvan ons hou
- Hoekom is daar reëls in sport?
- Waarom is deelname aan sport goed vir my?

**Feeste en spesiale dae - 2 ure**

**Konsolidasie van die onderwerpe en assessering - 4 ure**

| KWARTAAL 1 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 1 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming en asemhalingsoefeninge deur daaglikse handelinge te gebruik, soos wakker word, aantrek - strek, krul, draai, skud, kruising van die middellyn
- Ontwikkel ruimtelike bewustheid: vriesspeletjies, vind eie ruimte sonder om aan mekaar te stamp
- Hou by 'n vaste ritme: speel ritmiese speletjies soos handeklap, voetestamp, perkussie (slag) deur die gebruik van ritme en tempo
- Ontdek musiek, beweging en klank. Fokus op tempo (vinnig en stadig)
- Sing aksieliedjies en gebruik verskillende liggaamsdele om die liedjie uit te beeld
- Spontane gebruik van stem en beweging in rympies en stories
- Afkoel- en ontspanningsaktiwiteite van die liggaam (byvoorbeeld die smelt van roomys)

**Improviseer en interpreteer**

- Improviseer stories wat op fantasie of eie lewenservaringe gegrond is deur van stem (sing/praat), beweging, musiek, rekwisiete/voorwerpe en dramategnieke gebruik te maak
- Uitdrukking van gemoedstemming en idees deur beweging en sang (byvoorbeeld 'n kwaai leeu, 'n honger muis)
- Ontdek die sintuie deur stories, rympies en liedjies te dramatiseer (byvoorbeeld 'lei die blinde', voel verskillende teksture van voorwerpe)

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Teken en interpreteer prente oor die week se onderwerp deur van vetkryt, oliepastelle en ander tekenmedia gebruik te maak
- Verf: gebruik voorafbereide tempera-verf, gekleurde ink of kleursel in primêre en sekondêre kleure in reaksie op die week se onderwerp
- Kunselemente: informele ervaring en gebruik van vorms in teken- en verfwerk
- Ontwerpbeginsels: informele gebruik van kontras (groot/klein, lank/kort) in teken- en verfwerk
- Variasie in papiergrootte en -formaat: moedig leerders aan om die verskillende groottes papier effektief te gebruik

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Fynmotoriese en sintuiglike koördinasie: oog-hand-verstand-manipulasie en die gebruik van skêre en ander toerusting

**Visuele geletterdheid (moet deur die loop van die kwartaal behandel word)**

- Benoem vorms in eie werk

| KWARTAAL 2 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 2 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming deur van daaglikse handelinge, soos skoene skoonmaak en bed opmaak, gebruik te maak
- Liggaamlike bewustheid deur die ontdekking van ruimte en rigting soos groot, klein, hoog, laag, ver, naby
- Musiek, stem en beweging: fokus op dinamika soos hard en sag, sterk en teer
- Inheemse liedjies, ritmiese speletjies en rympies deur van verskillende dinamika (hard, sag, sterk, teer) met handeklap en voetestamp gebruik te maak
- Beweging soos huppel, hop (deel ruimte sonder om aan ander te raak/stamp)
- Luistervaardighede: reageer op seine, leidrade, stories, rympies en liedjies soos 'Vries! Op! Af!'

**Improviseer en interpreteer**

- Interpretasie van inheemse en ander liedjies deur dinamika soos sag, hard, ensovoorts te gebruik
- Dramatiseer verbeeldingsituasies, fantasie en eie lewenservaringe
- Skep en nabootsing van klankeffekte in stories soos bye wat zoem, perde wat klip-klop, treine wat tjoe-tjoe
- Rigting, vlakke (hoog, medium en laag) en vorms, soos ontdek deur skeppende beweging en stories
- Dramatisering, deur bestaande inheemse stories, gedigte, kleuterversies of liedjies as stimuli te gebruik
- Kreatiewe gebruik van voorwerpe of rekwisiete in beweging, dramatiese spel en musiek

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Informele gebruik van kunselemente (soos vorm en kleur) in tekeninge en verfwerk in reaksie op die week se onderwerp
- Verhoog bewustheid van besonderhede deur in verskillende groottes te werk
- Interpreteer liggaamsdele in teken- en verfwerk
- Eenvoudige, druktegnieke waar voorwerpe soos bottelproppies, klippe, blare, hande, ensovoorts, gebruik word

**3D-ontwerpe (modellering en konstruksies)**

- Kunsvlytvaardighede en -tegnieke: sny, plak, skeur
- Gebruik speelklei om vrylik te modelleer: vorming, draai, rol

**Visuele geletterdheid**

- Kyk na en praat oor boekillustrasies: benoem vorms en kleur, identifiseer kontraste (groot/klein, lank/kort)

<table>
<tr><th colspan="3">KWARTAAL 3 GRAAD R</th></tr>
<tr><td>Skeppende kunste</td><td>20 ure</td><td>Aanbevole hulpbronne<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.<br>Uitvoerende kuns - 10 ure<br>Kreatiewe speletjies en vaardighede<br>• Opwarmingsoefeninge deur aksies in stories as stimuli te gebruik<br>• Gebruik ritme en beweging soos in “Perdjie galop”<br>• Fokus op toonhoogte (hoog en laag) deur musiek, stem en beweging<br>• Gebruik slaginstrumente om ‘n vaste ritme te behou en ontwikkel syfervaardighede deur die maatslae te tel<br>• Gebruik lyfslagwerk en/of slaginstrumente om eenvoudige, ritmiese patrone op te voer<br>• Ruimtelike bewustheid deur beweging om vorms, sirkels en lyne te maak<br>• Gebruik van gebare en gesigsuitdrukking om emosies soos hartseer en geluk uit te beeld<br>• Afkoel- en ontspanningsaktiwiteite van die liggaam, byvoorbeeld om soos ‘n blaar in die wind te dryf<br>Improviseer en interpreteer<br>• Liedjies: fokus op toonhoogte soos in Twinkle, Twinkle little star (hoog) en My grandfather’s clock (laag)<br>• Ritme: lang en kort nootwaardes deur van lyfslagwerk en/of slaginstrumente gebruik te maak<br>• Dramatiseer verbeeldingsituasies of eie lewenservaringe met beweging en sang<br>• Konkrete voorwerpe om ander voorwerpe in dramatiese spel voor te stel, soos ‘n lepel wat ‘n towerstaf voorstel, ‘n hoed as ‘n stuurwiel, ensovoorts<br>Visuele kuns - 10 ure<br>2D-ontwerpe<br>• Teken en verf na aanleiding van die week se onderwerp<br>• Meng eie verf tot die korrekte digtheid<br>• Informele vertolking van die liggaam in aksie: spring, hardloop, slaap, ensovoorts<br>• Werk met verskillende groottes papier en kwaste om meer detail te skep<br>3D-ontwerpe (konstruksies en modellering)<br>• Vrylike ontwerp deur die gebruik van ‘n reeks materiale: klein kartondosies, herwinbare materiaal soos knope, eierdosies, afvalkarton, ensovoorts<br>• Moedig die ontwikkeling van vaardighede aan deur die manipulasie van die materiale<br>• Gebruik speelklei om fynmotoriese vaardighede te verbeter - rol, knyp, saamvoeg<br>Visuele geletterdheid<br>• Kyk na en praat oor kleur en vorms in prente en foto’s<br>• Reageer op vrae om bewustheid van kleur en vorm aan te dui</td></tr>
</table>

| KWARTAAL 4 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Gebruik verskillende vlakke (hoog, laag en medium) om die liggaam op te warm soos om vir ‘n frisbee te strek, soos ‘n wurm te kruip, of te rolskaats, ensovoorts
- Vorm sirkels en vierkante met die liggaam
- Balanseer op een been soos ‘n reier, ‘n blom in die wind, loop op ‘n spantou, ensovoorts
- Afkoel- en ontspanningsaktiwiteite van die liggaam (byvoorbeeld ‘n blaar in die wind)

**Improviseer en interpreteer**

- Eenvoudige mimiek-aksies soos om ‘n roomys te eet, ‘n koek te bak, sade te plant en nat te gooi, ensovoorts
- Luister na ‘n storie en interpreteer dele van die storie deur middel van gesigsuitdrukkings, beweging en toepaslike klankeffekte
- Ruimtelike bewustheid deur beweging met klankeffekte, soos om in ‘n motor, vliegtuig, trein, bus, helikopter, taxi, skopfiets, fiets, ensovoorts te ry

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Teken en verf na aanleiding van die week se onderwerp
- Bewustelike gebruik van getekende patrone; bewustheid van patrone in eie wêreld
- Gebruik van kleur om patrone te skep
- Eenvoudige druktegnieke om ‘n informele patroon te skep

**3D-ontwerpe (konstruksies en modellering)**

- Ontwikkel handwerkvaardighede en fynmotoriese beheer: vasbind, toedraai, ensovoorts
- Gebruik speelklei-modellering in meer detail, byvoorbeeld, knyp, trek, rol in kleiner stukke
- Spontane klei-modellering

**Visuele geletterdheid**

- Meer spesifieke benaming van kleur en vorm (lig en donker kleure, eenvoudige geometriese vorms) en kontraste deur vrae te beantwoord

| KWARTAAL 1 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word: 'n reeks stompe, planke, buitebande, balle, boontjiesakke, speelgoed met wiele vir leerders om gedurende vryspel te gebruik.<br>Merkers, klim-en-klouterapparaat, hindernisbaanitems, musiek |

**Beweging**

- Loop en hardloop in verskillende rigtings sonder om aan mekaar te stamp
- Hardloop handeviervoet
- Hardloop om twee merkers
- Hardloop heen en weer tussen twee merkers
- Gebruik sintuie sonder beweging: leerders klim/kruip deur hoepels, maak die liggaam 'lank, medium en klein'

**Perseptueel-motories**

- Gebruik die sintuie: neem 'n eenvoudige hindernisbaan waar, byvoorbeeld spring, hardloop, gooi, klim/klouter. Leerders neem die roete waar wat hulle kan volg
- Gebruik tassintuig: hardloop rond en raak aan verskeie voorwerpe op die speelveld, mure, boomstompe, klim-en-klouterapparaat se rame, klippe, ensovoorts. Hulle ondervind die gevoel van die verskillende oppervlakke
- Gebruik tassintuig: geblinddoek vind leerders voorwerpe soos boontjiesakke, plastiekkegels, balle, ensovoorts, deur daaraan te raak

**Ritme**

- Spring op albei of alternatiewe voete
- Gebruik gehoorsintuig: speel wegkruipertjie en die persoon wat wegkruip, lui 'n klokkie sodat die ander die klank kan volg
- Gebruik gehoorsintuig: speel met voorwerpe wat geluide kan maak, soos bottelproppies in 'n blik, of aan hul bene vasgemaak. Leerders spring of beweeg op maat van 'n spesifieke ritme

**Koördinasie**

- Gooi en vang boontjiesakke
- Klimraam - gebruik die oorhandgreep om voort te beweeg
- Klimraam - klim 'n leer

**Balans**

- Ontwykingspeletjies en verandering van rigting om kegels
- Identifiseer verskillende maniere om oor 'n balanseerbalk te beweeg
- Klimraam - balanseer loop op laer balanseerbalke
- Balanseer op een voet in verskeie speletjies

**Ruimtelike oriëntasie**

- Gebruik alle beskikbare ruimte en hardloop in verskillende rigtings sonder om aan mekaar te raak
- Vorm verskillende formasies, byvoorbeeld sirkel, vierkant, diamant
- Spring oor en beweeg onder hindernisse deur, byvoorbeeld kruip, klim, spring, ensovoorts
- Kruip en vleg deur die rame van die klimraam deur verskillende liggaamsdele te gebruik

**Lateraliteit**

- Aktiwiteite wat die niedominante kant van die liggaam gebruik, byvoorbeeld draai links/regs; gebruik linker-/regterhand, ensovoorts
- Lê op die grond, rol sywaarts na die linker-/regterkant

**Sport en speletjies**

- Wegkruipertjie
- Multisensoriese aktiwiteite, speel met verskeie plastiekvoorwerpe in water

| KWARTAAL 2 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word: hindernis-baanitems, musiek, boontjiesakke, balle, toue, klim-en-klout-erapparaat, ensovoorts. |

**Beweging/Niebeweging**

- Liggaamsdele: sing liedjies en rympies terwyl die liggaamsdele aangeleer word, byvoorbeeld kop, skouers, nek, bors, heupe, bene, knieë, tone, neus, mond, ken, elmboog, hande, vingers en voete
- Hardloop agtertoe en vorentoe
- Hardloop vinniger en stadiger

**Perseptueel-motories**

- Eenvoudige hindernisbaan, byvoorbeeld spring, hardloop, seil op die maag, klim, ensovoorts
- Rol ‘n groot bal na ‘n maat, maat rol dit terug
- Stoot ‘n ballon

**Ritme**

- Gebruik musiek of lyfslagwerk, identifiseer liggaamsdele en beweeg ritmies soos opdragte gegee word, byvoorbeeld raak aan jou tone, raak aan jou kop, raak aan jou neus, ensovoorts

**Koördinasie**

- Gooi en vang boontjiesakke
- Klimraam: hang en swaai aan ‘n horisontale staaf en gebruik die oorhandgreep om voort te beweeg
- Klimraam: klim op en af by ‘n leer

**Balans**

- Liggaamsdele: leerders gebruik boontjiesakke om die onderwyser na te doen oor die plasing van die boontjiesak, soos om met die boontjiesak op die kop te loop; die boontjiesak op die linker-/regterknie te plaas terwyl daar op een been gebalanseer word; plaas die boontjiesak op die skouer terwyl daar geloop word, ensovoorts
- Balansering: loop op ‘n lyn; balanseer op laer voorwerpe

**Ruimtelike oriëntasie**

- Hardloop in verskillende rigtings in die beskikbare ruimte in reaksie op die onderwyser se opdrag
- Verskillende formasies: hardloop in sirkels
- Spring oor en beweeg onder deur hindernisse, kruip, klim, spring, ensovoorts
- Kruip en vleg deur die rame van die klimraam deur verskillende liggaamsdele te gebruik

**Lateraliteit**

- Liggaamsdele: hardloop, val gesig eerste, lê op die grond, rol op die rug en dan op die linker-/regtersy
- Beweeg sywaarts na links/regs

**Sport en speletjies**

- Gooi boontjiesakke/balle in houers
- Bons, vang en gooi

| KWARTAAL 3 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word: balle, merkers en kegels, gekleurde bande, toue, linte, lae voorwerpe soos buitebande, klippe en stompe. |

**Beweging**

- Loop en hardloop in verskillende rigtings
- Loop, marsjeer, spring, gly, huppel, galop, en rol
- Niebeweging: buig, strek en krul die liggaam in verskeie vorms

**Perseptueel-motories**

- Eenvoudige hindernisbaan, byvoorbeeld spring, hardloop, gooi, klim, ensovoorts
- Spring oor swaaiende tou
- Spring oor ‘n lae hindernis, soos ‘n laaghangende tou
- Spring om afstande te dek

**Ritme**

- Spring met albei en alternatiewe voete
- Eenvoudige springblokspeletjies *(hop-scotch),* wegspring en land op een voet; wegspring op een voet en land op albei voete; wegspring op albei voete en land op een voet

**Koördinasie**

- Gooi en vang van boontjiesakke
- Klimraam: gebruik die oorhandgreep om voort te beweeg
- Klimraam: klim ‘n leer

**Balans**

- Klim oor lae voorwerpe, soos buitebande, stoele, ensovoorts
- Balansering: loop op ‘n tou, loop op buitebande, stompe, planke, klippe, ensovoorts
- Identifiseer verskillende maniere om oor ‘n balanseerbalk te beweeg, spring met ‘n sagte landing af (buig die knieë)
- Klimraam: balanseerloop oor ‘n laer balanseerbalk
- Balanseer op een voet: linker-/regtervoet

**Ruimtelike oriëntasie**

- Rigting en bane: loop in ‘n reguit lyn, geboë lyn en sig-sag
- Spoed: loop vinnig, marsjeer vinnig, hardloop vinniger langs reguit lyn, geboë lyn en sig-sag
- Spring oor en beweeg onder deur hindernisse, kruip, klim, spring, ensovoorts
- Kruip en vleg deur die rame van die klimraam deur verskillende liggaamsdele te gebruik

**Lateraliteit**

- Beweeg sywaarts, links, regs in ‘n reguit lyn, geboë lyn en sig-sag
- Spring op die niedominante voet

**Sport en speletjies**

- *Kat-en-muis, Skaap-en-wolf, Jaag die stert,* ensovoorts

| KWARTAAL 4 GRAAD R | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Hindernisbaanitems<br>• Fluitjie<br>• ‘n Verskeidenheid balle, kolwe van koerantpapier, ensovoorts |

**Beweging**

- Hindernisbaanonderrig: motoriese geheue, byvoorbeeld leerders begin met die eerste aktiwiteit en eindig met die laaste aktiwiteit in ‘n vasgestelde volgorde en onthou wat om by elke stasie te doen
- Loop in verskillende rigtings teen ‘n verskillende spoed, sluit stop op bevel in, of voer ‘n nuwe beweging uit
- Niebeweging: draai, krul, strek, buig, ensovoorts

**Perseptueel-motories**

- Hand-oog-koördinasie: gooi ‘n groot bal na ‘n teiken; rol ‘n kleiner bal na ‘n teiken
- Vang ‘n groot, medium of klein bal vanaf verskillende afstande of hoogtes
- Bons en vang ‘n groot bal in pare
- Slaan: slaan ‘n ballon, groot bal en vorder na ‘n tennisbal met die plat hand

**Ritme**

- Gebruik aksieliedjies: leerders doen die onderwyser se bewegings na - beweging sluit marsjeer, galop, spring, huppel, draai en balanseer in

**Koördinasie**

- Hand-oog-koördinasie: bons balle van verskillende groottes
- Gooi en vang ‘n boontjiesak met albei hande; en met linker-/regterhand
- Gooi ‘n boontjiesak in ‘n hoepel wat 2 meter weg op die grond geplaas is
- Slaan: gebruik ‘n plastiek krieketkolf, of ‘n opgerolde koerant en slaan ‘n bal van ‘n ‘T’ en vorder na boul en slaanaksies met ‘n bal van ‘n sagte tekstuur (tennisbal)
- Hand-voet-koördinasie: groet mekaar met die voet; dribbel ‘n bal met die linker-/regtervoet; skop ‘n bal na ‘n teiken

**Balans**

- Loop op toue wat op die grond geplaas is; buitebande; balanseer op alternatiewe bene
- Speletjies: leerders loop op blikke wat met toue aan die voete vasgemaak is, hou die tou in die hande om te balanseer

**Ruimtelike oriëntasie**

- Tonnelspeletjies, byvoorbeeld: kruip deur mekaar se bene, kruip deur die bene van ‘n ry leerders, kruip deur selfgemaakte tonnels soos buitebande, hoepels, dromme, ensovoorts

**Lateraliteit**

- Aktiwiteite wat die niedominante kant van die liggaam gebruik
- Rolaktiwiteite, byvoorbeeld: lê op die grond en rol van links of regs

**Sport en speletjies**

- Volg instruksies om te stap, hardloop, spring, klim, huppel, ensovoorts
- Loop in ‘n sirkel en hou hande vas, wissel die grootte en aantal sirkels af en verander die rigting waarin die sirkel beweeg
- Slaanspeletjies soos handtennis, T-bal, stoot van ballon, ensovoorts

## GRAAD 1

| KWARTAAL 1 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Weerkaart |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Gebruik 'n klaskalender om daagliks die dae en maande deur die jaar te bespreek
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op 'n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (2 ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Ek - 6 ure**

- Persoonlike inligting, soos naam, adres, telefoonnommer en ouderdom
- Ons is spesiaal en uniek
- Dinge wat ek kan doen
- Hoe is ek dieselfde as my vriende?
- Hoe is ek anders as my vriende?

**Onderwerp: By die skool - 4 ure**

- Naam van skool, onderwyser en hoof
- Waar is die volgende plekke in die skool? (Sluit toilet, kantoor, speelareas in)
- Klasroetine en -reëls
- Hoe kom ek by die skool?

Nota: Leerders mag aanbied om verskillende rolle in die klaskamer te vertolk, maar die onderwyser moet seker maak dat elkeen 'n beurt kry om iets gedurende die kwartaal te doen.

**Onderwerp: Gesonde gewoontes - 4 ure**

- Slaap
- Eet gesonde kos
- Korrekte gebruik van die toilet
- Hande was
- Hou die volgende skoon
  - Hare, tande en naels
  - Was gereeld
- Gereelde oefening en spel
- Beperking op die kyk van televisie

**Onderwerp: Die weer - 4 ure**

- 'n Daaglikse weerkaart
  - Gereelde waarneming van weersomstandighede
  - Warm, koud, winderig, sonnig, mistig, reënerig
  - Simbole om die weerstoestande op die weerkaart te beskryf
- Die weer en ons - sluit kleredrag, kos en aktiwiteite in

Nota: Die weerkaart moet deur die jaar bygehou word. Verduidelik aan leerders dat hulle nooit direk na die son moet kyk nie.

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 2 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Prente van verskillende tipe gesinne<br>• Voorbeelde van gevaar/giftekens<br>• Voorbeelde om sintuie te stimuleer (teksture, smake, klanke, reuke)<br>• Kaarte om liggaamsdele aan te dui |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Gebruik ‘n klaskalender om daagliks die dae en maande deur die jaar te bespreek
- Hou ‘n daaglikse weerkaart by
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (2 ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: My gesin - 4 ure**

- Wat is ‘n gesin?
- Lede van my gesin - naaste familie en uitgebreide familie
- Omgee vir mekaar by die huis

Nota: Leerders kom uit verskillende tipe gesinne. Verseker inklusiwiteit.

**Onderwerp: Veiligheid by die huis - 4 ure**

- Gevare by die huis
  - Wanneer ons kook
  - Wanneer ons was
  - Weerlig en elektrisiteit
  - Buite-areas
  - Medisyne
  - Giftige stowwe - tipes en waarskuwingstekens
- Wees veilig wanneer jy alleen by die huis is
- Kaart met noodnommers

**Onderwerp: My liggaam - 6 ure**

- Verskillende dele van my liggaam
- Verskillende dele van my liggaam wat kan beweeg
- Dele van my liggaam wat ek nie kan sien nie - sluit longe, hart, maag, brein, skelet in
- Die vyf sintuie en hul gebruike - tas, reuk, klank, sig en proe

**Onderwerp: Hou my liggaam veilig - 4 ure**

- Veilige en onveilige situasies en plekke, soos om op vervoer te wag, alleen in inkopiesentrums
- Ja- en nee-gevoelens
- Oefen om nee te sê
- Beskerming van ons liggame teen siektes
  - Maak neus en mond toe wanneer jy nies of hoes
  - Moenie aan iemand anders se bloed raak nie
  - Was groente en vrugte voordat dit geëet word
  - Maak water veilig om te drink

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 3 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Prente en stories van gemeenskapsplekke, mense en troeteldiere<br>• Natuurhoekie/belangstellingstafel met plante<br>• Prente van plante en kossoorte/verskillende kossoorte en verpakkings |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Hou ‘n daaglikse weerkaart by
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (2 ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: My gemeenskap - 4 ure**

- Plekke in my gemeenskap: geboue en plekke waar ons ontmoet
- Mense in my gemeenskap: mense wat ons help; mense wat goed verkoop; ander mense wat ek ken
- Respekteer die gebruik van die fasiliteite in die gemeenskap, byvoorbeeld openbare telefone, openbare vervoer en openbare toilette
- Hou plekke skoon - die gebruik van asblikke; vermy rommelstrooiing

**Onderwerp: Troeteldiere - 2 ure**

- Diere wat ons as troeteldiere kan aanhou
- Versorging van troeteldiere: skuilings, kos, water, skoonhou van die dier
- Hoe om jou troeteldier te versorg: genoeg oefening, nie terg nie, nie in die kar toesluit nie

**Onderwerp: Maniere en verantwoordelikhede - 2 ure**

- Groet bekendes en vreemdelinge
- Wag my beurt af
- Luister na ander
- Deel met ander
- Wees vriendelik
- Wees eerlik
- Respekteer ander mense en hul eiendom

Nota: Gebruik rolspel. Inskerping van maniere en verantwoordelikhede regdeur die jaar.

**Onderwerp: Plante en sade - 4 ure**

- Waarom benodig ons plante? Kos, skadu, skuiling vir diere
- Waaruit bestaan plante? Wortels, stam, blare, blomme
- Verskillende plante: ooreenkomste en verskille
- Sade en waar hulle vandaan kom
- Groei ‘n plant van ‘n saad, soos ‘n boontjie of ‘n lensie

**Onderwerp: Kos - 6 ure**

- Kos wat ons eet
- Waar verskillende kos vandaan kom: vrugte, groente, suiwel, vleis
- Gesonde eetgewoontes
- Gesonde en ongesonde kos
- Gesonde keuses en die regte hoeveelheid kos
- Berging van kos - vars, geblik, gedroog, gevries

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 4 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Prentekaarte met stories<br>• Prente van huise<br>• Voorbeelde van boumateriaal<br>• Prente van die maan |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Hou ‘n daaglikse weerkaart by
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (2 ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Huise - 4 ure**

- Soorte huise: woonstelle, huise, informele nedersettings, tradisionele huise
- Huise om by verskillende weersomstandighede aan te pas
- Waarvan verskillende huise gemaak word: hout, modder, bakstene, sinkplate, veselbord, plastiek

**Onderwerp: Prentekaarte - 4 ure**

- Vind plekke en dinge op ‘n prentekaart
- Vind die roete van een plek na ‘n ander (gebruik woorde soos: langs, oor, onder, bo, af)
- Plaas die gebeure van ‘n storie op ‘n prentekaart

Nota: ’n Prentekaart is ‘n tekening wat aandui waar dinge in ‘n gegewe gebied geleë is. Prentekaarte ontwikkel geografiese vaardighede van ligging, afstand en ruimte.

**Onderwerp: Water - 4 ure**

- Gebruike van water - huis en skool
- Maniere waarop water gemors word
- Waterbesparing
- Veilige en onveilige drinkwater
- Berging van skoon water

**Onderwerp : Die hemelruim in die nag - 4 ure**

- Verandering van dag na nag
- Hoe die hemelruim in die nag lyk
- Die maan
  - Hoe lyk die maan?
  - Wanneer kan ons die maan sien?
  - Hoe die maan van vorm verander
- Sterre
  - ‘n Ster brand soos die son (die son is ‘n ster)

Nota: Dit is moontlik om die maan gedurende die dag te sien. Sluit waarnemings- en tekenaktiwiteite in.

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

**Konsolidasie van onderwerpe en assessering - 2 ure**

| KWARTAAL 1 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Musiekinstrumente<br>• Oudiotoerusting met 'n verskeidenheid gepaste musiek<br>• Verf in primêre kleure, wit en swart, gekleurde ink, verskillende groottes kwaste en papier<br>• 2B-potlode, vetkryt, oliepastelle, gekleurde bordkryt<br>• Gom en aanwenders<br>• Items om mee te druk, byvoorbeeld geometriese vorms |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 1 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende- en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van liggaamsdele soos die volgende: speel die klavier, was my lyf, skud die water af, ensovoorts
- Veilige omgewing: vind eie ruimte en deel met ander sonder om te stamp
- Beweging: loop, huppel en hardloop vorentoe en agtertoe
- Niebeweging: buig knieë, rol skouers en gewrigte
- Stemopwarming: asemhalingsoefeninge en kreatiewe speletjies, byvoorbeeld kersies uitblaas, ensovoorts
- Liggaamsbewustheid: verken ruimte en rigting, soos onder, agter, bo. Gebruik die liggaam om oor hindernisse te beweeg
- Hou 'n reëlmatige ritme met tempoveranderinge terwyl die hande geklap word, of beweeg in pas met die musiek, soos om handeviervoet te loop, met 'n maat te huppel
- Afkoel- en ontspanningsaktiwiteite van die liggaam, byvoorbeeld om 'n kers te smelt, of soos 'n ballon af te blaas

**Improviseer en interpreteer**

- Gebruik aksiewoorde, en bewegings soos krom, nou, wyd, veeragtig, trek 'n swaar boks, ensovoorts om vorm en gewig te verken
- Gebruik gepaste beweging en dramatisering om inheemse liedjies te sing
- Eenvoudige improvisasie van bekende gebeure in die gesin, familie en gemeenskap soos 'n verjaarsdagpartytjie, pophuis speel, ensovoorts
- Dramatisering: skep kort stories oor 'n interessante voorwerp wat uit 'n boks geselekteer is

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Gebruik verskillende media soos dik vetkryt of bordkryt om prente van jouself te teken
- Teken en verf prente van interaksie met ander persone
- Verf 'n selfportret en voeg gelaatstrekke by - oë, ore, neus en mond; bespreek die gelaatstrekke, vorm, kleur en lyn
- Druk patrone met dik verf

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Gebruik herwinbare kartondose vir konstruksiedoeleindes; lê klem op geometriese vorme; bespreek vorme

| KWARTAAL 2 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom, asook hulpbronne vir kwartaal 1. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 2 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die liggaam: rol die hande en enkels, gebruik die liggaam om vorms te maak, soos groot en klein, wyd en nou
- Vriesspeletjies wat op beheer, oog en die gebruik van ruimte fokus
- Beweging: spring en galop vorentoe en sywaarts
- Middelpuntsbewegings: draai, swaai die arms, buig na die kante toe
- Verken begin, middel en einde van stories, liedjies en bewegings
- Maak bewegings na, ritmes en bewegingspatrone, soos: volg die leier, loop, huppel, handeklap
- Isoleer liggaamsdele deur beweging, soos om die voete te punt, ensovoorts
- Stemoefeninge soos rympies, tongknopers en liedjies wat op duidelikheid in stemoefeninge fokus
- Afkoeling- en ontspanningsaktiwiteite: speletjies soos sus die baba, wieg, ensovoorts

**Improviseer en interpreteer**

- Rolspel (plaas jouself in iemand anders se skoene)
- Ontwikkeling van kort dialoogsinne, soos ‘n gesprek tussen ‘n olifant en ‘n muis
- Gepaste bewegings om verskillende situasies uit te beeld, byvoorbeeld gedurende ‘n ete, in ‘n klaskamer of ‘n bus
- Sing liedjies en gebruik kontraste, soos sag en hard, vinnig en stadig

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Vingerverf of verf met kwaste: bespreek die vermenging van primêre kleure om sekondêre kleure te verkry
- Maak tekeninge van jouself, saam met jou gesin, waar julle by ‘n aktiwiteit betrokke is; bespreek lyn en vorm
- Teken en verf jouself in aksie, moedig bewustheid van die liggaam in aksie aan; benoem en bespreek aktiewe liggaamsdele

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Maak modelle uit klei/speelklei; moedig die korrekte gebruik van materiale en instrumente aan
- Gebruik herwinbare kartondose en ander materiale om huise/denkbeeldige skuilings te bou.
- Moedig die korrekte gebruik van gom en aanwenders aan.

| KWARTAAL 3 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die liggaam, byvoorbeeld lei met die neus, elmboog, knie
- Kombineer beweging en niebewegingsaktiwiteite, soos hardloop-hardloop-draai, hardloop-vorentoe-krimp-strek
- Aksies deur mimiek om emosies te toon deur visualisering te gebruik, byvoorbeeld ek eet my gunsteling kos, ek maak 'n geskenk oop
- Speletjies wat op wiskunde en tale fokus, soos getalliedjies en -rympies, gebruik beweging om lettervorme na te maak
- Luistervaardighede deur middel van musiekspeletjies en deur van verskillende tempo, toonhoogte, dinamika en duur gebruik te maak
- Afkoel van die liggaam en ontspanning: gebruik verbeelding of gee opdragte soos: krimp stadig, of groei stadig

**Improviseer en interpreteer**

- Selekteer en maak eie bewegingsinne om 'n tema met 'n begin en 'n einde te interpreteer
- Klap hande en beweeg in 3- of 4-tydritmes
- Dramatiseer met die onderwyser se leiding 'n denkbeeldige situasie wat op 'n Suid-Afrikaanse gedig, liedjie of storie gebaseer is

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Verf of teken regte of denkbeeldige kreature; moedig bewustheid van lyn en vorm aan en voeg detail by; beskryf eie prente
- Verf en teken 'n prent van jouself waar jy verskillende vervoermiddele gebruik; moedig bewustheid van lyn en vorm aan, kleur en kontras (byvoorbeeld groot/klein, lank/kort)

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Gebruik klei, speelklei of herwinbare materiaal om modelle van denkbeeldige kreature te maak; beklemtoon gepaste gebruik van materiale en ruimtelike bewustheid

| KWARTAAL 4 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheids-onderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende kuns en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die liggaam: gebruik verskillende vlakke (byvoorbeeld hoog: pluk ‘n appel, laag: kruip, medium: hurk)
- Beweging: hop, spring, galop, hardloop en huppel met ‘n maat en verander van rigting
- Nie-beweging: kombineer draai, swaai van arms, buig na die kante en spronge
- Hande-klapspeletjies met ‘n maat ontwikkel fokus en koördinasie
- Luister na musiek en verduidelik hoe dit jou laat voel deur woorde te gebruik soos gelukkig, hartseer, ensovoorts
- Afkoeling van die liggaam en ontspanning: ‘voel soos ‘n veer en dryf deur die lug’, ensovoorts

**Improviseer en interpreteer**

- Voorstelling van voorwerpe en idees, individueel of in groepe deur middel van beweging en klank (byvoorbeeld maak soos ‘n masjien, ‘n towerwoud, ambulans)
- Opvoerings in klasverband deur ‘n Suid-Afrikaanse liedjie / gedig / storie met beweging en dramatisering te kombineer

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D Ontwerpe**

- Teken of verf prente wat betrekking het op die kwartaal se onderwerpe. Fokus op die liggaam in aksie, lyn, vorm en kleur

**3D Ontwerpe (Konstruksies)**

Gebruik klei / speelklei om modelle te maak van jouself in aksie in jou eie omgewing; moedig persoonlike uitdrukking, gepaste gebruik van materiale en ruimtelike bewustheid aan

| KWARTAAL 1 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne** |

Die volgende inhoud moet deur die loop van die kwartaal behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hierby ingesluit word. Pas aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Ontwyking en loop in verskillende rigtings
- Ontwykingspeletjies rondom kegels en verandering van rigting
- Gebruik van sintuie: waarneming - hindernisbane
- Gebruik van sintuie: hoor - luister na instruksies terwyl rondbeweeg word

**Perseptueel-motories**

- Rol ‘n groot bal na ‘n maat
- Aangee van ‘n bal van een persoon na ‘n ander
- Gooi en vang van groot balle

**Ritme**

- Springspeletjies (hop-scotch)
- Spring met ‘n springtou
- Sing van rympies terwyl die aksies uitgevoer word

**Koördinasie**

- Gooi en vang van boontjiesakke
- Klimraam: gebruik die oorhandgreep om voort te beweeg
- Klimraam: klim ‘n leer

**Balans**

- Ontwykingspeletjies om kegels en verandering van rigting
- Identifiseer verskillende maniere om oor ‘n balanseerbalk te beweeg
- Klimraam: balanseer deur op ‘n lae balanseerbalk te loop

**Ruimtelike oriëntasie**

- Gebruik van sintuie: beweeg die liggaam deur verskeie hindernisse
- Hardloop in verskillende rigtings sonder om aan mekaar te stamp en gebruik alle beskikbare ruimte
- Verskillende formasies: sirkel
- Spring oor en beweeg onder deur hindernisse, kruip, klim, spring, ensovoorts
- Klimraam: kruip en vleg deur die rame en gebruik verskillende dele van die liggaam

**Lateraliteit**

- Aktiwiteite deur die niedominante kant van die liggaam te gebruik

**Sport en speletjies**

- Speel van die leerders se gunsteling speletjies
- Bewegingspeletjies - konsepte van grootte, afstand, ruimte en kwantiteit word gedek.

| KWARTAAL 2 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Balle, houers en kegels<br>• Hoepels, klimraam of soortgelyke toerusting |

Die volgende inhoud moet deur die loop van die kwartaal behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hierby ingesluit word. Pas aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Liggaamsdele: sing liedjies of sê rympies op, terwyl verskillende dele van die liggaam geraak word, byvoorbeeld raak die knieë, tone, neus, kop, ore, ensovoorts
- Speletjies: *Simon says* - beweeg verskillende dele van die liggaam

**Perseptueel-motories**

- Balvaardighede - aangee van ‘n bal in ‘n kring; oor die kop; onder deur die bene, terwyl die leerders in ‘n reguit ry staan; gooi, vorm pare en gooi, bons en vang ‘n bal
- Slaan ballonne in die lug

**Ritme**

- Spring en hop
- Spring op en af; spring hoog en laag; spring vorentoe, agtertoe en sywaarts
- Vingerspelaktiwiteite - vingerrympies

**Koördinasie**

- Oog-hand-voetkoördinasie - dribbel balle om kegels en skop die bal tussen die kegels deur
- Ballonstoot - stoot ‘n ballon deur ‘n teiken of in ‘n doelhok

**Balans**

- Loop op ‘n tou of ‘n lyn wat op die grond gemerk is
- Balanseer op ‘n lae balanseerbalk/plank
- Balanseer op stoele

**Ruimtelike oriëntasie**

- Voltooi ‘n hindernisbaan deur van die klimraam of soortgelyke toerusting gebruik te maak

**Lateraliteit**

- Rol sywaarts in albei rigtings, rol vorentoe en agtertoe
- Gooi en vang ‘n boontjiesak met die niedominante hand
- Balanseer op die niedominante been

**Sport en speletjies**

- Tradisionele/inheemse speletjies wat deur die leerders gekies is

| KWARTAAL 3 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Serpe/materiaallengtes<br>• Sokkerballe en doelhokke<br>• Ou motorbande |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hierby ingesluit word. Pas aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Beweeg - spring, hardloop, klim en kruip
- Loop agteruit op die hakke; loop agtertoe op die tone
- Loop vorentoe deur die dominante been te kruis
- Volg instruksies om stadig of vinnig te beweeg

**Perseptueel-motories**

- Leerders help om 'n hindernisbaan op te stel en beweeg veilig daardeur - klim op, klim oor, kruip, hang aan stawe en balanseer

**Ritme**

- Touspring - alleen of in groepe van 3, waar 2 swaai en die ander een spring, ruil rolle

**Koördinasie**

- Hand-oogkoördinasie - gooi 'n tennisbal in die lug op en vang dit, bons dit op die grond; gee die bal vir 'n maat aan
- Spring oor 'n swaaiende bal wat in 'n kous is

**Balans**

- Balanseer op motorbande wat platlê of regop staan
- Speel speletjies deur van boontjiesakke gebruik te maak wat op verskillende dele van die liggaam balanseer

**Ruimtelike oriëntasie**

- Kruip deur bande wat in 'n ry opgestel is

**Lateraliteit**

- Springspeletjies *(hop-scotch)* deur met die niedominante been te spring
- Hardloop en swaai aan 'n tou/gekleurde band/lint deur die niedominante hand te gebruik

**Sport en speletjies**

- Speel wegkruipertjie
- *Kat en muis*

| KWARTAAL 4 GRAAD 1 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Toue, gekleurde bande, ensovoorts<br>• Verskillende groottes balle |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoeding te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hierby ingesluit word. Pas aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Loop, hardloop en huppel deur van seine gebruik te maak om loop, hardloop en huppel af te wissel
- Niebeweging: tol - verskillende maniere van tol; tol alleen of saam met ‘n maat

**Perseptueel-motories**

- Sirkelformasie - speletjies soos slaan die bal na maats wat in ‘n kring staan

**Ritme**

- Speletjies deur van toue gebruik te maak - *Ugqaphu - Kgati/Ntimo* (twee leerders swaai ‘n tou en die derde spring daaroor, terwyl die res van die groep rympies sing)
- Volg instruksies deur van ‘n drom gebruik te maak om die verandering van ritme aan te dui

**Koördinasie**

- Handsokker met groot balle
- Voet-oogkoördinasie, groet mekaar deur voete te raak

**Balans**

- Loop op toue - agtertoe, vorentoe en sywaarts met of sonder om die voete te kruis
- Loop op toue met hande op die kop, hande agter die rug, hande op die heupe
- Staan op jou tone, hurk, loop op die bal van die voet, loop slegs op die hakke

**Ruimtelike oriëntasie**

- Speel speletjies soos *Kat tussen die duiwe* in ‘n afgemerkte area
- Menslike vorme - vorm getalle 1, 2, 3 of letters A, B, C in ‘n menseketting

**Lateraliteit**

- Draai op die plek na links en regs
- Skop ‘n bal na ‘n teiken deur van die linker-/regtervoet gebruik te maak; gooi ‘n bal deur ‘n hoepel met die linker-/regterhand

**Sport en speletjies**

- Speel vangspeletjies soos *Kat tussen die duiwe*
- Loopresies - loop op die tone, loop op die hakke, loop platvoet
- Aflosspeletjies

**GRAAD 2**

<table>
<tr><th colspan="3">KWARTAAL 1 GRAAD 2</th></tr>
<tr><td>Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn</td><td>20 ure<br>(2 ure per week)</td><td>Aanbevole hulpbronne<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Voorbeelde van hulpmiddels soos ‘n leesbril, looprame, gidshonde, gehoorapparate<br>• Eenvoudige watersuiweringsapparate</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer<br>• Gebruik ‘n klaskalender om daagliks die dae en maande deur die jaar te bespreek.<br>• Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)<br>• Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Twee ure per kwartaal word hiervoor toegewys)<br>Onderwerp: Wat het ons nodig om te leef? - 4 ure<br>• Verskillende kossoorte - vir groei, energie en gesondheid<br>• Water - waarom ons water benodig, waterbronne<br>• Lug - skoon lug<br>• Sonlig - beskerming teen die son<br>Nota: Dit is nie nodig om die watersiklus op hierdie vlak in te sluit nie.<br>Onderwerp: Ek en ander - 4 ure<br>• Vriende - kenmerke van ‘n goeie vriend<br>• Mense by die skool en by die huis - sluit in om te deel, help en respek te betoon<br>• Konflikhantering - sluit  selfbeeld en boelie in<br>Onderwerp: Almal is spesiaal - 6 ure<br>• Mense is dieselfde en ook verskillend<br>• Goed wat mense help - soos ‘n leesbril, looprame, gidshonde, gehoorapparate<br>• Sorg vir mense met gestremdhede<br>• Ek kan ‘n held wees<br>Onderwerp: Gesonde leefwyse - 4 ure<br>• Beskerm die kos wat ons eet teen vlieë; hou kos koel<br>• Eenvoudige maniere om water te suiwer<br>• Goed wat ons kan benadeel - rook, alkohol, dwelms<br>• Goeie gewoontes, soos gereelde oefening, beperkte televisie kyk<br>Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure</td></tr>
</table>

| KWARTAAL 2 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Voorbeelde van klere vir verskillende seisoene<br>• Prente en inligtingsboeke |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op 'n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Twee ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Seisoene - 6 ure**

- Die vier seisoene
- Hoe seisoene ons affekteer - klere, kos en aktiwiteite
- Hoe die seisoene groei affekteer - saai, groei en oes
- Hoe seisoene diere affekteer - boerdery, byvoorbeeld skaapskeer, dip van diere; voëls (migrasie en nesmakery)

**Onderwerp: Diere - 4 ure**

- Plaasdiere
  - Soorte
  - Gebruike - soos kos en klere
- Wilde diere
  - Soorte
  - Kamoeflering

**Onderwerp: Diere en kreature wat in water leef - 4 ure**

- Vars water
  - Rivier - byvoorbeeld visse en krokodille
  - Damme - byvoorbeeld paddas en naaldekokers
- Sout water
  - See - byvoorbeeld haaie en krewe
  - Rotspoel - byvoorbeeld stervisse, krappe

**Onderwerp: Diere skuilings - 4 ure**

- Diere en kreature wat hul skuilings bou, soos voëls, bye, miere
- Diere en kreature wat 'n skuiling moet vind, bobbejane, slange, eekhorings
- Diere en kreature wat hul huise saamdra, soos slakke, skilpaaie

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 3 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Voorbeelde van verskillende soorte grond<br>• Prente en inligtingsboeke<br>• Padtekens<br>• Gemeenskapslede wat ander help |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Twee ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Grond - 4 ure**

- Verskillende soorte grond - kleur en teksture
- Kreature wat in die grond leef, soos erdwurms, molle
- Grond waarin plante kan groei; die waarde daarvan om eie groente te kweek

**Onderwerp: Vervoer - 6 ure**

- Wat is vervoer?
- Padvervoer
- Spoorvervoer
- Lugvervoer
- Watervervoer
- Die gebruike van verskillende soorte vervoer

**Onderwerp: Padveiligheid - 4 ure**

- Reëls vir padveiligheid
- Voetgangers
- Fietsryers
- Passasiers
- Padtekens vir voetgangers en fietsryers
- Skolierpatrollie
- Hoe verkeersbeamptes ons help

**Onderwerp: Mense wat ons help - 4 ure**

- Mense in die gemeenskap wat ons help, soos die klinieksuster, naskoolonderwyser, bibliotekaris
- Hoe verskillende mense my help
- Hoe vra ek vir inligting en hulp?
- Goeie maniere
- Hoe vra ek vir hulp in ‘n noodsituasie?
- Wie moet ek kontak?
- Watter inligting moet ek gee?

Nota: Nooi iemand wat in die gemeenskap werk om die skool te besoek.

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

| KWARTAAL 4 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **20 ure**<br>(2 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• ‘n Muurkaart van Suid-Afrika wat in provinsies verdeel is<br>• Die Suid-Afrikaanse vlag<br>• Voorbeelde van verskillende kommunikasiemiddele<br>• Prente en items wat op godsdienstige feeste betrekking het<br>• Foto’s en inligtingsboeke |

- Doen roetine- en vryspelaktiwiteite binnenshuis en buitemuurs soos in afdeling 2 gespesifiseer
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Twee ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Ons land - 4 ure**

- ‘n Kaart van Suid-Afrika
- Naam en ligging van eie provinsie
- Waar woon ons?
- Die Suid-Afrikaanse vlag: herkenning van die vlag en plekke waar ons dit sien wapper
- Die Suid-Afrikaanse volkslied: luister en sing

Nota: Die volkslied kan deur die kwartaal aangeleer word. Sluit leerders van ander lande ook in om, indien moontlik, hul eie vlae te bring.

**Onderwerp: Maniere waarop ons kommunikeer - 6 ure**

- Praat - verduideliking, gesprek, digkuns en sang
- Skryf - briewe/kaarte en hoe om dit te pos
- Lees - instruksies en advertensies
- Luister - radio, stories
- Kyk - liplees, vingertaal en gebare

**Onderwerp: Naglewe - 6 ure**

- Goed wat ek saans doen - gereed vir die bed, lees en stories vertel, slaap en droom
- Mense wat in die nag werk, soos veiligheidswagte, dokters, vlieëniers, trokdrywers
- Nagdiere, soos uile, marmotjies, ystervarke, luiperds, jakkalse

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 2 ure**

**Konsolidasie van onderwerpe en assessering - 2 ure**

<table>
<tr><th colspan="3">KWARTAAL 1 GRAAD 2</th></tr>
<tr><td>Skeppende kunste</td><td>20 ure</td><td>Aanbevole hulpbronne<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 1 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende kuns en visuele kuns te bepaal.<br>Uitvoerende kuns - 10 ure<br>Kreatiewe speletjies en vaardighede<br>• Opwarming van die liggaam: asemhalingsoefeninge en gebruik van verskillende gewrigte soos enkels; punt en fleks en polsdraaie<br>• Opwarming van die stem: gebruik liedjies, sing vokale, rympies en tongknopers<br>• Sing liedjies saam, in kanon, en roep-en-antwoord<br>• Lyfslagwerk - hou ‘n vaste ritme en maak van toonkleur (klik, klap, stamp) gebruik<br>• Beweging: stap, hardloop, huppel, spring (alleen of met ‘n maat) in verskillende rigtings<br>• Niebeweging: reik na, buig, opstrek (alleen of met ‘n maat)<br>• Interaktiewe storievertellingsaktiwiteite: luister en reageer op gepaste wyse na ‘n maat, byvoorbeeld vertel stories oor my ‘gunsteling kos’, stapelstories, eggostories, ensovoorts<br>• Afkoeling en ontspanning: Lê op rug, asem in en uit, visualiseer kleur as ‘n stimulus<br>Improviseer en interpreteer<br>• Skep ‘n kort toneelstukkie wat op ‘n gepaste onderwerp gebaseer is, fokus op die storielyn<br>• Skep gepaste karakters: dui verskille tussen karakters en die karakters se standpunte in kort toneelstukkies aan<br>• Ritmiese patrone deur van kernwoorde uit geselekteerde onderwerpe gebruik te maak, soos mense wat werk: houtkapper wat kap-kap-kap, slagter wat sny-sny-sny, en ander<br>• Gebruik bostaande voorbeelde om gepaste tempo en dinamika te ontdek, soos kap-kap-kap sal hard en vinnig wees en sny-sny-sny sal sag en stadig wees<br>• Leer die bewegings van ‘n Suid-Afrikaanse dans aan, byvoorbeeld die rubbersteweldans, en ander<br>Visuele kuns - 10 ure<br>2D-ontwerpe<br>• Verf prente van jouself saam met ander in aksie (hardloop, spring, dans, ensovoorts) en bespreek primêre en sekondêre kleure, koel en warm kleure, vorm en lyn<br>• Ontwerp patrone deur geometriese vorms te gebruik; bespreek ritme en herhaling<br>3D-ontwerpe (konstruksies)<br>• Gebruik klei om houers te maak en te versier; bespreek patrone, geometriese vorm, lyn, bespreek oppervlaktekstuur en korrekte lastegnieke</td></tr>
</table>

| KWARTAAL 2 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 2 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die stem: ontwikkel artikulasie (lippe, tong, kakebeen) deur verbeeldingspeletjies
- Opwarming van die liggaam: kontrasterende beweging deur van verbale en klanktekens gebruik te maak, soos Vries! Gaan! Op!
- Ritmiese speletjies wat fokus op luistervaardighede en herroep kontrasterende ritmiese patrone
- Speel slaginstrumente/lyfslagwerk in tyd met musiek en/of sang
- Beweging: marsjeer, vorentoe spronge, op-en-af spronge, galop en draai op jou eie of saam met ‘n maat
- Nie-beweging: rol, swaai, strek (alleen of saam met ‘n maat)
- Afkoeling en ontspanning: gee uiting aan gemoedstemming en idees deur beweging soos om op ‘n wolk te dryf, slaperig te voel, ensovoorts

**Improviseer en interpreteer**

- Doen ritmiese patrone wat met beweging gekombineer word, soos klap die ritme byvoorbeeld perdjie-galop, marsjering, huppel, ensovoorts
- Sing liedjies wat fokus op dinamika soos hard en sag, stadig en vinnig
- Rolspel wat betrekking het op onderwerpe of stories wat deur die onderwyser vertel word, werk saam met ‘n maat in ‘n rol en ruil ook rolle om
- Gebruik dramategnieke om karakters se gedagtes en gevoelens te ontdek, byvoorbeeld vries die opvoering, raak elke karakter aan die skouer en die karakter moet sy/haar gevoelens op daardie oomblik weergee, ensovoorts

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Teken of verf prente wat op die onderwerpe van die kwartaal betrekking het - fokus terloops op lyn, toon, tekstuur, kleur
- Gebruik herwinbare voorwerpe en dik verf om gedrukte oppervlakke te ontwerp - praat oor geometriese en natuurlike vorms

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Gebruik herwinbare materiaal om ‘n masker te maak; bespreek vorm, tekstuur; ontwikkeling van kunsvlytvaardighede

| KWARTAAL 3 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die liggaam: krul en strek die ruggraat terwyl daar op die vloer gesit word, krul op in ‘n bal, maak weer die ruggraat reguit, ensovoorts
- Hop, huppel, spring op-en-af en spring vorentoe deur lig op die voete te land (toon-bal-hak, buig die knieë)
- Beweging: gly die voete op die vloer en hardloop met spronge (alleen of saam met ‘n maat)
- Niebeweging: draai, val, stamp, skop (alleen of saam met ‘n maat)
- Poliritmes deur lyfslagwerk of slaginstrumente te gebruik
- Luister na musiek en identifiseer gemoedstemming soos *hartseer, gelukkig, kalm, opgewonde*
- Eenvoudige mimiek: maak alledaagse aktiwiteite na en fokus op gewig en vorm, soos *tel ‘n swaar klip op, tel ‘n ligte veer op,* ensovoorts
- Speletjies wat op wiskunde en tale fokus, soos getalliedjies en -rympies, deelnemende stories, gebruik beweging om lettervorme na te maak, skryf name met die tone, verbale dinamika (trek, draai, strek, buig, tol)
- Afkoeling en ontspanning: lê op die rug en trek die spiere saam en ontspan, maak stywe vuiste, trek die skouers saam en ontspan om die liggaam swaar te maak op die vloer, ensovoorts

**Improviseer en interpreteer**

- Gebruik afvalmateriaal om ‘n handpop te maak: kouspoppe, vingerpoppe, skadupoppe
- Hou ‘n eie poppekas en gebruik gepaste karakterisering en manipulasie van eie handpop
- Skep klanke en ritmes om by die gemoedstoestand van die karakter van die handpop te pas deur van stem, instrumente en ander voorwerpe gebruik te maak
- Ontdek die bewegingskaraktereienskappe van die handpop soos *‘n honger leeu wat ‘n muis bekruip*

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Verf of teken voëls, visse, insekte, ensovoorts deur gebruik te maak van oliepastelle in warm kleure en was oor in ink met koel kleure; bespreek kleur, vorm, tekstuur, patroon en beklemtoning; kyk na en bespreek bekende toepaslike kunswerke
- Gebruik die verbeelding om plante en blomme te verf; bespreek primêre en sekondêre kleure, beklemtoning en konsepte soos agter, voor, onder, ensovoorts

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Gebruik herwinbare materiale en papiermaché om bruikbare artikels te skep: eierhouers, houers, planthouers, ensovoorts. Versier deur patrone te gebruik; bespreek geometriese vorms, koel en warm kleure, ontwikkel kunsvlytvaardighede

| KWARTAAL 4 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br><br>Verwys na die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid wat in afdeling 2 voorkom. |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende kuns en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die liggaam: gebruik sirkels, hoeke, kurwes en sig-sag
- Opwarming van die stem: gebruik liedjies en rympies, fokus op hoë en lae note en vinnige en stadige tempo
- Ontwikkel die vermoë om nootvas te sing
- Kombineer niebeweging en beweging, byvoorbeeld draai gekombineer met galop (alleen of saam met ‘n maat)
- Eenvoudige mimiek: maak alledaagse aktiwiteite na en fokus op gewig, vorm en ruimte , byvoorbeeld: *buk in ‘n smal grot, skop ‘n bal op ‘n groot sokkerveld,* ensovoorts
- Komponeer ‘n klanklandskap deur gebruik te maak van dinamika, toonhoogte, -kleur en tempo om karaktergevoelens en -gemoedstoestande uit te beeld, byvoorbeeld *oupa* - hard, lae toonhoogte, stadig; *voël* - sag, hoë toonhoogte, vinnig, ensovoorts
- Afkoeling en ontspanning: beweeg stadig op die maat van rustige musiek

**Improviseer en interpreteer**

- Luister na musiek en identifiseer hoe die dinamika, toonhoogte, -kleur en tempo gekombineer word om ‘n storie te vertel, byvoorbeeld *Pieter en die wolf*
- Gebruik gepaste bewegings en karakters deur middel van middellynaksies en vlakke om stories soos *Pieter en die wolf* te interpreteer
- Ontwerp ‘n poppekas en fokus op die gesprek tussen die handpoppe
- Ontdek die houding, status en verhoudings tussen die handpoppe: karakters soos die skelm, diere, die heks, die prinses, ensovoorts

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Verf prente wat betrekking het op die onderwerpe wat gedurende die kwartaal gedek is: bespreek kleur, toon, tekstuur, kontras, vorm

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Maak kleimodelle

| KWARTAAL 1 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Kolwe, balle, boontjiesakke, hindernisbaan<br>• Houers wat as teikens kan dien |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 1 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite aan vir gestremde leerders.

**Beweging**

- Speel inheemse speletjies, byvoorbeeld *Upuca*
- Aartappelresies
- Eier-en-lepel-resies - balanseer ‘n klein balletjie op ‘n groot lepel

**Perseptueel-motories**

- Gooi boontjiesakke in die lug op en vang dit
- In pare: gooi en slaan balle

**Ritme**

- Spring oor parallelle toue; herhaal en skuif die toue al verder van mekaar af weg
- Spring tou

**Koördinasie**

- Gooi boontjiesak na ‘n maat
- Leerders staan agter mekaar en gee die bal onder deur die bene aan

**Balans**

- Werk in pare, kyk na mekaar met uitgestrekte bene en voete wat aanmekaar raak, hou hande, trek en stoot vorentoe en agtertoe, hou voetsole teenmekaar
- Staan op met voete plat op die grond, kyk na mekaar en stoot teen mekaar se hande
- Balanseer ‘n boontjiesak op verskillende liggaamsdele terwyl daar op/in ‘n reguit lyn geloop word
- Beheer, koördinasie en balanseeroefeninge

**Ruimtelike oriëntasie**

- Strek en krul: maak liggaam so groot en so klein moontlik, so lank en so kort moontlik

**Lateraliteit**

- Stel aktiwiteite bekend wat die niedominante liggaamsdele gebruik (arms en bene)

| KWARTAAL 2 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• 'n Verskeidenheid balle, kegels, boontjiesakke |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 2 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Stimuleer aktiwiteite soos *Volg-die-leier*
- Aflosresies met of sonder toerusting
- Aflosresies; dribbel 'n bal; sig-sag deur kegels of merkers
- Inoefen van reaksiespeletjies, byvoorbeeld boks met die knieë, gryp die bal voor jou maat, ensovoorts

**Perseptueel-motories**

- Balvaardighede - marsjeer op die plek en bons die bal
- Balvaardighede - bons die bal teen die muur
- Balvaardighede - bons die bal om hindernisse

**Ritme**

- Spring met of sonder springtoue; spring op die plek en oor 'n afstand
- Hou by die maat van die musiek/dromslae, beweeg verskillende liggaamsdele - kop ... arms ... heupe ... bene en voete

**Koördinasie**

- Werk met 'n maat - een rol die bal terwyl die ander dit terugskop voordat dit ophou rol
- Gooi 'n groot bal na 'n teiken, byvoorbeeld 'n doelhok of netbalring
- Nabootsingsaktiwiteite, byvoorbeeld 'pluk appels', 'spit in die tuin', 'saag 'n plank', ensovoorts

**Balans**

- *Eendgevegte of haangevegte* in pare
- Speel eenvoudige speletjies soos S.T.O.P
- Springspeletjies *(hop-scotch)*

**Ruimtelike oriëntasie**

- Speel *kat-en-muis* in 'n sirkelformasie
- Hindernisbaan

**Lateraliteit**

- In pare: vang 'n bal met die niedominante hand
- In pare: skop 'n bal met die niedominante voet

**Sport en speletjies**

- Speletjies wat trek, hardloop en hoepels insluit, byvoorbeeld toutrek
- Speel speletjies soos *Wolf, wolf hoe laat is dit?*

| KWARTAAL 3 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Hindernisbaantoerusting<br>• Boontjiesakke<br>• Verskeidenheid balle |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite aan vir gestremde leerders.

**Beweging**

- Hindernisbaan met boontjiesak op hand/skouer/voet/kop
- Inoefening van reaksiespeletjies, byvoorbeeld reageer op die onderwyser se bevel: hardloop, val neer, hop, stop, ensovoorts

**Perseptueel-motories**

- Vryspel en tyd om met die gebruike van ‘n boontjiesak te eksperimenteer
- Waarnemingspeletjies wat ‘n patroon volg - plaas items in die korrekte volgorde, byvoorbeeld hardloop en plaas merkers op vooraf opgestelde plekke
- Vang en gooi ‘n tennisbal

**Ritme**

- Hang aan die stawe van die hangbruggie deur die oorhandgreep te gebruik (versterking van skouerspiere)
- Swaai aan die horisontale stawe van die klimraam deur die oorhandgreep te gebruik

**Koördinasie**

- Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in ‘n sirkelformasie
- Beweeg voort op die stawe van die klimraam deur die oorhandgreep te gebruik

**Balans**

- Balanseer op een been
- Balanseer deur op toue, planke, balanseerbalke te beweeg (balanseer op een been met arms horisontaal uitgestrek)
- Perd-en-wa
- Swaai hoepels met arms, heupe en nek

**Ruimtelike oriëntasie**

- Stel vooroorrol en agteroorrolle bekend - beklemtoon veiligheid
- *Wolf-en-skaap* - optimale gebruik van die speelarea
- Kruip deur ‘n ‘tonnel’, byvoorbeeld onder deur ‘n stoel, motorbande of selfgemaakte tonnels

**Lateraliteit**

- Gooi ‘n bal kloks- en antikloksgewys in ‘n sirkelformasie
- Laterale borsbewegings, byvoorbeeld gooi ‘n bal sywaarts, en links en regs soos in rugby

**Sport en speletjies**

- Deel leerders in spanne en neem deel aan aflosresies - verduidelik die reëls en hoe dit werk
- Tradisionele speletjies wat deur die leerders gekies word

| KWARTAAL 4 GRAAD 2 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>• Toue<br>• Fluitjies<br>• Matte<br>• Skottels vir wateraktiwiteite<br>• Minikriekettoerusting |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging/Niebeweging**

- Spring hoog; loop met groot treë; loop met klein treetjies; huppel; hop
- Atletiek - naellope
- Atletiek - aflosresies

**Perseptueel-motories**

- Flitskaarte met verskillende aksiewoorde - *spring, hardloop, huppel, hop, sit, staan, loop*
- Tennis en krieket

**Ritme**

- Loop 10 keer op en af op trappies of balanseervorme
- Swem, asemhalingsoefeninge deur van skottels met water gebruik te maak

**Koördinasie**

- Swemoefeninge - lê op die rug en skop die bene; lê op die maag - skop bene en beweeg arms in swemaksie

**Balans**

- Atletiek - voorbereidende verspringaktiwiteite
- Atletiek - voorbereidende hoogspringaktiwitete

**Ruimtelike oriëntasie**

- Volg aanwysings, byvoorbeeld: *loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop. Loop sywaarts deur jou bene te kruis. Hop 6 keer op die een been en 9 keer op die ander een*
- Huppel in die speelarea (alleen of saam met 'n maat)

**Lateraliteit**

- Strek op en sywaarts

**Sport en speletjies**

- Speel 'n verskeidenheid speletjies
- Minikrieket
- Swemoefeninge - asemhalingsoefeninge. Oefen om borrels deur 'n strooitjie te blaas
- Leerders plaas gesigte in water en blaas borrels

| KWARTAAL 1 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **30 ure**<br>(3 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Prente, stories, rympies oor gevoelens<br>• Handpoppe en maskers<br>• 'n Eenvoudige noodhulptassie |

- Gebruik 'n klaskalender om daagliks die dae en maande deur die jaar te bespreek.
- Hersiening, assessering en terugvoering moet op 'n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Drie ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Oor my - 6 ure**

- Wat is 'n tydlyn?
- Tydlyn van my lewe: geboortedatum, wanneer ek skool toe gegaan het, enige ander interessante feit
- 'n Interessante voorwerp/item uit my verlede

**Onderwerp: Gevoelens - 6 ure**

- Wat maak my gelukkig/ongelukkig?
- Herken gevoelens soos vrees, woede, bekommernis, eensaamheid
- Goeie maniere om my gevoelens uit te druk
- Verskoning: hoe om te sê jy is jammer

Nota: Gebruik prente, stories, rympies, handpoppe en maskers.

**Onderwerp: Gesondheidsvoorligting - 3 ure**

- Basiese eerstehulppraktyke in situasies soos tydens neusbloedings, insekbyte, snye en brandwonde
- Basiese gesondheid en higiëne - moenie aan ander mense se bloed raak nie

**Onderwerp: Hou my liggaam veilig - 6 ure**

- Ons is nie saam met enigeen veilig nie
- Reëls om my liggaam veilig te hou
- Vertrou ja- en nee-gevoelens
- Hoe om nee te sê vir enige vorm van mishandeling
- Hoe om mishandeling aan te meld

Nota: Hierdie onderwerp behoort op die voorkoming van fisieke en seksuele mishandeling te fokus.

**Onderwerp: Regte en verantwoordelikhede - 6 ure**

- Leerders se regte en verantwoordelikhede
- Regte en verantwoordelike van ander
  - By die huis
  - By die skool
  - In ons gemeenskap
  - In die omgewing

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 3 ure**

| KWARTAAL 2 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **30 ure**<br>(3 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Voorbeelde van voedsel uit voedeselgroepe<br>• Biblioteek/inligtingsboeke<br>• Voorbeelde van verskillende soorte afval<br>• Herwinningsdrom<br>• Vergrootglas |

- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Drie ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Gesonde eetgewoontes - 6 ure**

- Voedselgroepe
- Vitamiene: vrugte en groente
- Koolhidrate: brood, mielies/mieliemeel
- Proteïene: eiers, boontjies, vleis, neute
- Suiwel: melk, kaas, jogurt
- ‘n Gebalanseerde dieet

**Onderwerp: Insekte - 9 ure**

- Eienskappe van ‘n insek
- Verskillende insekte, soos ‘n vlieg, muskiet, mier, besie
- Waarneming en tekening van ‘n insek
- Hoe insekte ons help
- Hoe sommige insekte skadelik vir ons kan wees

**Onderwerp: Lewensiklusse - 6 ure**

- Wat is ‘n lewensiklus?
- Lewensiklus van die volgende:
  - Soogdier, byvoorbeeld ‘n hond
  - Insek, byvoorbeeld ‘n skoenlapper
  - Amfibieë, byvoorbeeld padda
  - Voël, byvoorbeeld ‘n hoender

**Onderwerp: Herwinning - 6 ure**

- Wat gebeur met ons afval?
- Hergebruik (dinge wat ons weer kan gebruik)
- Herwinning (gebruikte goed wat in iets nuuts gemaak kan word)
- Vermindering - gebruik minder
- Items wat nie herwin kan word nie
- Herwinning by die huis en by die skool
- Maak kompos uit verrotte materiaal
- Die hergebruik van water

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 3 ure**

| KWARTAAL 3 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **30 ure**<br>(3 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Prente van planete: die aarde vanuit die hemelruim<br>• Stories en navorsing oor ruimtereise<br>• Gevaartekens en simbole<br>• Ouer familie- en gemeenskapslede |

- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word, moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Drie ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Openbare veiligheid - 6 ure**

- Gevaarlike speelplekke: ashope, treinspore, paaie, konstruksieareas
- Veilige trein- en taxiritte
- Die gevare van elektrisiteit
- Giftige en vlambare stowwe
- Waarskuwingstekens

**Onderwerp: Besoedeling - 6 ure**

- Wat is besoedeling?
- Verskillende soorte besoedeling: water, land, lug, geraas
- Die uitwerking van besoedeling op mense
- Die uitwerking van besoedeling op die omgewing

Nota: Ondersoek en maak ‘n gebied skoon, dit sal as ‘n inleiding tot veldwerk dien.

**Onderwerp: Leefwyses uit die verlede - 9 ure**

- Stories en ervaringe van ouer familie- en gemeenskapslede: kos, klere en vervoer
- Voorwerpe wat deur ouer familie- en gemeenskapslede gebruik is: gereedskap, speelgoed, eetgerei
- Versameling van ou prente en foto’s uit familiealbums en boeke
- Lewenswyses van die verlede en die hede (verandering en kontinuïteit)

Nota: Nooi ouer familie en gemeenskapslede uit om die klas te besoek.

**Onderwerp: Ruimte - 6 ure**

- Die aarde vanuit die ruimte - hoe dit lyk (land, see, wolke)
- Sterre en planete - wat dit is
- Die name van die planete
- Teleskope
- Ruimtereise
- Satelliete en die inligting wat ons kry

Nota: Waar moontlik, besoek ‘n planetarium of sterrewag.

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 3 ure**

| KWARTAAL 4 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn** | **30 ure**<br>(3 ure per week) | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Vloeidiagramme om prosesse aan te dui<br>• Inligting/biblioteekboeke en prente<br>• Koerante en televisieverslae oor rampe<br>• Stories oor diere wat mense help |

- Hersiening, assessering en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis gedoen word (tydtoewysing maak voorsiening daarvoor)
- Godsdienstige en ander spesiale dae wat deur die gemeenskap gevier word moet deur die kwartaal, soos dit plaasvind, bespreek word (Drie ure per kwartaal word hiervoor toegewys)

**Onderwerp: Produkte en prosesse - 6 ure**

- Plante
  - Wat kry ons van plante?
  - Die proses van suikerriet tot suiker
- Die aarde
  - Wat kry ons vanuit die aarde?
  - Die proses van klei tot baksteen

**Onderwerp: Rampe en wat ons behoort te doen - 9 ure**

- Soorte rampe
  - Vloede
  - Brande
- Ander verskynsels
  - Weerlig
  - Aardbewing
  - Storms en sterk winde

Nota: Gebruik persoonlike ervaringe, asook koerante en televisieverslae oor rampe.

**Onderwerp: Diere en kreature wat ons help - 9 ure**

- Diere wat kos en/of klere aan ons verskaf
  - Bye
  - Hoenders
  - Koeie
  - Skape
- Diere wat vir ons werk
  - Honde: gidshonde, waghonde, snuffelhonde
  - Donkies en perde

Nota: Vind en lees stories oor ander diere, soos dolfyne, wat mense gehelp het.

**Godsdienstige en ander spesiale dae - 3 ure**

**Konsolidasie van onderwerpe wat gedurende die kwartaal gedek is en wat as voorbereiding vir graad 4 dien - 3 ure**

| KWARTAAL 1 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne** |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 1 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming: koördinasie van afsonderlike liggaamsdele, soos arms wat swaai
- Opwarming deur op asemhaling te fokus, byvoorbeeld verf met jou asem, hyg soos 'n hond, ensovoorts
- Opwarming van die stem en die sing van liedjies (saam, in kanon en roep-en-antwoordliedjies) - nootvas en op maat van die musiek
- Dramaspeletjies: ontwikkel interaktiewe speletjies, soos tel-, naamspeletjies, ensovoorts
- Speel ritmiese patrone en eenvoudige poliritmes in 2-, 3- of 4- tyd op slaginstrumente
- Beweging: hop/galop vorentoe, agtertoe, sywaarts en draai in verskillende bane (diagonaal, sirkels, S-vorm, ensovoorts)
- Niebeweging: buig, strek, koördineer arms en bene op maat van die musiek
- Afkoeling en ontspanning: uitdrukking van gemoedstoestand en idees deur beweging

**Improviseer en interpreteer**

- Luister na Suid-Afrikaanse musiek (inheems en Westers). Fokus op ritme en maatslag van 2-, 3- of 4-tyd
- Voer deur middel van slaginstrumente genoteerde ritmiese patrone uit (notasie, Franse nootname of bladmusiek) wat heel note, halwe note, kwart note en rustekens bevat
- Rolspel met 'n begin, middel en einde deur 'n stimulus te gebruik, byvoorbeeld 'n Suid-Afrikaanse gedig, storie, liedjie of prent
- Gebruik waarneming, nabootsing en oordrywing om karakters en voorwerpe in rolspel uit te beeld
- Leer en kombineer bewegings van 'n Suid-Afrikaanse dans met gepaste musiek, byvoorbeeld 'n Indiese dans, of die Pantsula

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Formele onderrig van teken en verf: gebruik 'n verskeidenheid mediums
- Stel oorvleueling bekend: voor, agter
- 'n Verskeidenheid papiergroottes en -formate: moedig leerders aan om meer detail in hul werk aan te bring en op verskillende skale te werk

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Kleimodelle: diere, drake, kleipotte en ander
- Kunselemente: vorm, tekstuur
- Onderrig eenvoudige tegnieke: rol, knyp, modelleer; die behandeling van oppervlakteksture
- Die gebruik van gereedskap: veiligheid, neem ander in aanmerking, deel bronne

**Visuele geletterdheid**

- Kunselemente: identifiseer en benoem alle kunselemente
- Gebruik kunswerke en visuele stimuli om dit met eie werk in verband te bring.

| KWARTAAL 2 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne** |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 2 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming: fokus op postuur, plaas knieë oor die middeltone wanneer gebuig en voete gedraai en gepunt word
- Opwarming: fokus op artikulasie en stemtoon deur rympies, liedjies, kreatiewe speletjies en tongknopers te gebruik
- Sensoriese bewustheid: voel, smaak, hoor en sig in dramatiese aktiwiteite soos stukkende telefoonspeletjie en om geblinddoek te word, ensovoorts
- Ritmiese speletjies: luistervaardighede, herroep kontrasterende, ritmiese patrone, hou ‘n vaste ritme, gebruik verskillende toonkleure
- Ontwikkel kontrole, koördinasie, balans en hoogte in springaksies met sagte landings
- Beweging en niebeweging met gekoördineerde armbewegings op maat van die musiek
- Afkoeling en ontspanning: lê op die rug, asem in en uit en visualiseer kleur as stimulus

**Improviseer en interpreteer (wat deur die kwartaal gedek moet word)**

- Interpreteer en repeteer Suid-Afrikaanse liedjies: kanon, roep-en-antwoord
- Gebruik ‘n bestaande storie wat op gepaste onderwerpe gebaseer is, ontwikkel eie slotgebeure en dramatiseer dit in groepe
- Klaskamerdramas: druk gevoelens uit en gee temas weer uit die omgewing en eie lewe, byvoorbeeld tel rommel in my buurt op
- Bewegings wat die begin, middel en einde van ‘n geselekteerde onderwerp aandui. Werk in kleiner groepe

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Formele onderrig van teken en verf, byvoorbeeld om ‘n verskeidenheid mediums te ontdek
- Soortgelyk aan die vorige kwartaal; beklemtoon ‘n groter bewustheid van die liggaam in beweging; oorvleueling

**3D-ontwerpe (konstruksies) (beeldhou met kartondose)**

- Onderrig en brei eenvoudige konstruksietegnieke uit om ‘n beeldhouwerk te skep: stapel, las, oppervlakversiering
- Ruimtelike bewustheid: bewusmaking van hoe om in ruimtes te werk

**Visuele geletterdheid**

- Gebruik kunselemente en ontwerpbeginsels vir beskrywing en bespreking, bekendstelling van balans
- Gebruik kunswerke en visuele stimuli en bring dit in verband met eie werk
- Beskrywing van eie kunswerk: bewustelike gebruik van kunswoordeskat

| KWARTAAL 3 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne** |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarming van die liggaam: kombineer liggaamsdele, byvoorbeeld maak gelyktydige rolbewegings met die polse en heupe
- Opwarming van die stem: fokus op uitdrukking en betrokkenheid in digkuns, rympies en kreatiewe dramaspeletjies
- Waarneming en konsentrasievaardighede: drama-aktiwiteite, byvoorbeeld: stel ‘n mimiekreeks in pare voor
- Lyfslagwerk en/of slaginstrumente om Suid-Afrikaanse musiek te begelei (opgeneem of lewendig), fokus op repeterende, ritmiese patrone
- Verbind beweging in kort bewegingsinne en onthou dit
- Kombineer hardloop met tolbewegings
- Afkoeling en ontspanning: strek stadig in verskillende rigtings op stadige en rustige musiek

**Improviseer en interpreteer (wat deur die kwartaal gedek moet word)**

- Skep ‘n bewegingsin in klein groepe en gebruik dit om patrone te maak
- Komponeer ‘n repeterende, ritmiese patroon wat op Suid-Afrikaanse musiek gebaseer is. Fokus op gepaste tempo/ dinamika
- Klaskamerdramas: illustreer verskillende karakters deur middel van stem en fisiese karakterisering, byvoorbeeld beweeg en praat soos die moeder, die oupa, die dokter, ensovoorts
- Opvoer van gedigte in groepe, byvoorbeeld koorspraak, gekombineer met beweging en gebare

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Teken en verf: ontdek ‘n verskeidenheid mediums
- Verhoogde waarneming en interpretasie van patrone en drukwerk in die persoonlike wêreld: oorvleueling, randpatrone, vorm binne-in ‘n vorm, herhaling
- Ontwerpbeginsels: bewustelike aanwending en benoeming van kontras, verhouding, klem en balans
- Onderrig patroon en drukwerk met verskeie voorwerpe en in verskillende mediums vir sensories-motoriese ervaring

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Kunsvlyt uit herwinbare materiale: rame met patrone vir eie kunswerke, houers vir die klaskamer, ensovoorts
- Kunselemente: benoem en gebruik geometriese en natuurlike vorme
- Beklemtoon patrone en oppervlakversiering van die kunswerke

**Visuele geletterdheid**

- Verhoog bewustheid van patroon en drukwerk in Afrika, byvoorbeeld Ndbele-verfwerk, kralewerk, versierde keramiek: kyk, praat, luister na inligting oor patrone

| KWARTAAL 4 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Skeppende kunste** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne** |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van uitvoerende en visuele kuns te bepaal.

**Uitvoerende kuns - 10 ure**

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**

- Opwarmingsaktiwiteite: fokus op verlenging en sametrekking van die ruggraat
- Kreatiewe dramaspeletjies: ontwikkel fokus en visualisering, byvoorbeeld gooi ‘n denkbeeldige bal en konsentreer op grootte, vorm en gewig
- Reageer op stimuli soos prente, frases, idiome, dramaspeletjies, gedigte of rympies om lyftaal, gebare en gesiguitdrukking te ontdek
- Beweging: toon beheer en ‘n sterk rug, byvoorbeeld: loop met trots, marsjeer soos ‘n soldaat, ensovoorts
- Afkoeling en ontspanning: lê op die rug/trek die spiere saam, maak stywe vuiste, trek die skouers saam en ontspan al die spiere om die liggaam swaar te maak, ensovoorts

**Improviseer en interpreteer**

- Luister na Suid-Afrikaanse musiek: konsentreer op die manier waarop tempo, dinamika en toonkleur die unieke klank weergee
- Luister na en identifiseer bekende Suid-Afrikaanse instrumente, verken die unieke eienskappe van die instrumente
- Skep van atmosfeer: gebruik verbale dinamika, betekenisvolle klanke en beweging, gebruik ‘n gedig, prent of liedjie
- Skep bewegings wat op prente of ‘n reeks bewegingsinne gebaseer is en dui die begin, middel en einde aan

**Visuele kuns - 10 ure**

**2D-ontwerpe**

- Teken en verf: verken ‘n verskeidenheid mediums
- Teken oorvleueling, liggaam in aksie, samestelling van meer as twee persone

**3D-ontwerpe (konstruksies)**

- Onderrig handwerktegnieke van papiermaché: skep voorwerpe deur plak, knip, skeur, gelyk maak, ensovoorts
- Kunselemente: tekstuur, vorm
- Ontwerpbeginsels: bewustelike gebruik en benaming van verhoudinge, balans, kontras
- Ruimtelike bewustheid: verleng bewusmaking van hoe om in ruimtes te werk

**Visuele geletterdheid**

- Kunselemente: identifiseer en benoem al die kunselemente
- Ontwerpbeginsels: benoem en gebruik kontras, verhoudings, klem en balans
- Vrae om waarneming van elemente en ontwerpbeginsels te verstaan

<table>
<tr><th colspan="3">KWARTAAL 1 GRAAD 3</th></tr>
<tr><td>Liggaamsopvoeding</td><td>20 ure</td><td>Aanbevole hulpbronne<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Serpe vir driebeenresies<br>• Balle; krieketkolwe en paaltjies; tennisstelle; toue<br>• Sagte grasoppervlakte</td></tr>
<tr><td colspan="3">Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 1 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite vir gestremde leerders aan.<br>Beweging<br>• Kruiwastoot, driebeenresies<br>• Minikrieket, hardloop tussen paaltjies<br>• Atletiek: naellope<br>Perseptueel-motories<br>• Minitennis<br>- Loop, bons ‘n tennisbal in die lug, op die grond en aan albei kante van die spaan<br>- In pare, vlughoue<br>- In pare, slaan die bal oor die net deur die voorhand te gebruik<br>- In pare, slaan die bal oor die net deur die rughand te gebruik<br>Ritme<br>• Atletiek: hurk in ‘n wegspringposisie (Op julle merke ... gereed ... gaan!)<br>• Atletiek: verspringaksie, bepaal die wegspringvoet<br>• Atletiek: hoogspringaksie, bepaal die wegspringvoet<br>Koördinasie<br>• Atletiek: gooi ‘n tennisbal<br>• Hand-oog-koördinasie: bons ‘n tennisbal op die minitennis-spaan: ... in die lug ... op die grond, terwyl daar geloop word<br>Balans<br>• Minitennis: hardloop, voorhandhou, rughandhou en vlughoue oor die net/tou<br>• Krieket: kolf<br>Ruimtelike oriëntasie<br>• Verandering van rigting<br>• Navigeer ‘n ingewikkelde hindernisbaan wat stoot, trek, klim en verandering van rigting insluit<br>Lateraliteit<br>• Skop ‘n bewegende bal met die linker- en die regtervoet<br>Sport en speletjies<br>• Atletiek: aflosresies<br>• Minitennis<br>• Minikrieket</td></tr>
</table>

| KWARTAAL 2 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Kegels<br>• Balle<br>• Hokkiestokke<br>• Springtoue |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 2 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Nabootsaktiwiteite, byvoorbeeld hardloop soos ‘n perd, loop soos ‘n eend, spring soos ‘n padda, ensovoorts

**Perseptueel-motories**

- Die vang en gooi van ‘n hoë bal

**Ritme**

- Spring tou in groepe van 3
- Individueel: touspring - begin met albei voete
- Individueel: touspring - spring met een voet en hardloop weg

**Koördinasie**

- Stasie 1: basketbal - dribbel ‘n bal met die hand, sig-sag om merkers
- Stasie 2: hokkie - dribbel ‘n bal tussen hindernisse deur
- Stasie 3: netbal - gee die bal aan terwyl jy hardloop
- Stasie 4: rugby - hardloop en gee die bal in ‘n agterlynaksie aan
- Stasie 5: sokker - dribbel die bal met die voet om merkers

**Balans**

- Aflosresies: sig-sag om kegels/merkers
- Balanseer op een been
- Gimnastiek: kopstand/handstand
- Brugstand

**Ruimtelike oriëntasie**

- Ingewikkelde hindernisbaan

**Lateraliteit**

- Reeks bewegings met handapparate, soos hoepels of linte, wat dieselfde aksies na links en regs vereis

**Sport en speletjies**

- Inheemse speletjies
- Minisokker, hokkie, rugby, netbal en basketbal

| KWARTAAL 3 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan as aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Balle<br>• Toue<br>• Kleurbande<br>• Oefenmat/grasoppervlakte<br>• Merkers |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 3 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Niebeweging soos kronkel *(twist)*, draai, buig, krul, kombineer en koördineer in groepe
- Hop oor ‘n afstand deur ‘n maat se hande vas te hou en iets te dra
- Spring op een of albei voete vanuit ‘n staanposisie
- Spring vorentoe: nabootsaksies - kangaroe, springbok, hasie, ensovoorts

**Perseptueel-motories**

- Skop ‘n bewegende bal na ‘n teiken of ‘n maat, en verander van rigting
- Gooi balle hoog en ver met een en twee hande, na teikens en vir ‘n maat

**Ritme**

- Touspring - gevorderde beweging, soos oorkruis, dubbelswaai, ensovoorts
- Gimnastiekbeweging, soos vooroorrol, agteroorrol, handsprong en wawiel

**Koördinasie**

- Vlugbalaktiwiteite: hand-oog-koördinasie, dien (afslaan) en verskillende handhoue
- Wydsbeen oor ‘n maat se rug spring

**Balans**

- Staan en loop op tone en hakke
- Kruip op hande en knieë
- Balanseerloop vorentoe en agtertoe
- Klim op ‘n klimraam: beweeg vrylik op ‘n balanseerpaal/-balk
- Klim maklik van die apparaat af
- Gimnastiek: balanseeraktiwiteite soos handstand, kopstand, ensovoorts

**Ruimtelike oriëntasie**

- Hindernisbaan wat kruip-, spring- en landingsaktiwiteite van ‘n sekere hoogte, ratsheid en spoed vereis
- Speletjies soos *Een-teen-drie*
- Jaagspeletjie, vang jou maat se ‘stert’

**Lateraliteit**

- In pare: trek en stoor bewegings L/R
- Wipplank

**Sport en speletjies**

- Minisokker
- Vlugbal
- *Kat-en-muis*

| KWARTAAL 4 GRAAD 3 | | |
|---|---|---|
| **Liggaamsopvoeding** | **20 ure** | **Aanbevole hulpbronne**<br>Die volgende hulpbronne kan ter aanvulling tot die standaard hulpbronne vir lewensvaardigheid gebruik word:<br>• Groot skottels met water/swembad<br>• Minikrieketstelle<br>• Tennisstelle<br>• Oefenmatjies |

Die volgende inhoud moet deur die loop van kwartaal 4 behandel word. Selekteer toepaslike lewensvaardigheidsonderwerpe vir die kwartaal om die konteks van liggaamsopvoedingslesse te bepaal. Alternatiewe aktiwiteite en skoolsport mag ook hier ingesluit word. Pas die aktiwiteite vir gestremde leerders aan.

**Beweging**

- Volg visuele instruksies (handtekens, prente) om te loop, hardloop, spring, huppel, klim, ensovoorts. Leerders hou hande vas en loop in ‘n sirkel. Die grootte en die aantal sirkels mag verskil, verander die rigting waarin die sirkel beweeg, onderskeie sirkels beweeg deur en om mekaar

**Perseptueel-motories**

- Skadunabootsing: een leerder is die skaduwee en ander leerder boots die bewegings na
- Tennis: voorhand, rughand en vlughoue
- Krieket: kolf, boul, veldwerk en paaltjiewagterswerk

**Ritme**

- Ritmiese reekse met/sonder apparaat

**Koördinasie**

- Gimnastiek: vorentoe- en agteroorrolle
- Swem: gly deur die water, dryf, skop, handroei en armbewegings

**Balans**

- Balanseer op een en dan albei voete op ‘n voorwerp, balanseer dan ‘n boontjiesak en/of ander voorwerp op die kop en in die hande
- Gimnastiek: handstand, kopstand, krapstand

**Ruimtelike oriëntasie**

- Hindernisbaan
- Swem: oefeninge om selfvertroue te bou en watervrees te oorkom, soos om die oë en ore binne in die water te plaas, asemhalingsoefeninge

**Lateraliteit**

- Swem: skop met die linker- en die regtervoet; armaksies met die linker- en die regterarm

**Sport en speletjies**

- Waterspeletjies - *Ring-a-Ring-a-Rosie*, reuse treë, resies, ensovoorts
- Driebeenresies
- *Vang die draak se stert*
- Minitennis
- Minikrieket

# AFDELING 4: ASSESSERING

## 4.1 Inleiding

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses van identifisering, versameling en interpretering van inligting wat die prestasie van leerders deur die gebruik van verskeie assesseringsvorme meet. Dit behels vier stappe: genereer en versameling van bewyse van prestasie; evaluering van die bewyse; rekordhouding van bevindinge en gebruik van die inligting om die leerders se ontwikkelingsvlak te verstaan, en sodoende die proses van onderrig en leer te bevorder en te ondersteun.

Assessering behoort informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering van leer) te wees. In albei gevalle moet gereelde terugvoering aan leerders gegee word sodat dit die leerervaring kan bevorder.

In die grondslagfase moet die assessering van lewensvaardigheid op 'n deurlopende en beplande manier plaasvind deur leerders gedurende hul daaglikse roetine-, en gestruktureerde en vryspelaktiwiteite waar te neem. Dit beteken dat leerders in die grondslagfase deur rolspel en demonstrasie geassesseer word, veral in Skeppende kunste en liggaamsopvoeding, terwyl geskrewe optekening meer gepas sal wees vir aanvangskennis en persoonlike en sosiale welsyn.

Lewensvaardigheid gee aan leerders die geleentheid om die wêreld rondom hulle te ontdek en dit te verstaan. Die doel van die assessering van lewensvaardigheid is om die ontwikkeling van begrippe, vaardighede en waardes te assesseer wat sal help met die voorbereiding van meer formele assessering gedurende die intermediêre fase. Die doel van assessering in al vier die studie-areas van lewensvaardigheid is om die leerders te ondersteun en aan te moedig en die leerder se holistiese ontwikkeling te meet. Die ontwikkeling van die begrippe en vaardighede word deur die leerder se deelname aan relevante aktiwiteite ten opsigte van hierdie konsepte waargeneem.

Informele assessering vir lewensvaardigheid gedurende die grondslagfase word op 'n deurlopende basis gedoen. 'n Goeie manier om dit te doen, is om 'n waarnemingsboek by te hou. Enige interessante inligting of bekommernis rakende die leerder moet in die waaarnemingsboek aangeteken word en dit moet daagliks opgevolg word. Hierdie notas moet ook die onderwyser se beplanning en toekomstige assessering insluit. Die leerder behoort deur middel van waarneming en geskrewe optekening formeel geassesseer te word, en dit moet ten minste een keer per kwartaal in elke studie-area van lewensvaardigheid plaasvind. Die vorme van assessering moet vir die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die leerders gepas wees. Die samestelling van die take moet die inhoud van die vak dek en 'n verskeidenheid take insluit wat ontwerp is om die doelwit in die vak te bereik.

Assessering kan individueel, in kleiner of groter groepe, gedurende vryspel, of as deel van gestruktureerde aktiwiteite plaasvind. Kontrolelyste en rubrieke kan ook vir die optekening van assessering gebruik word. Formele en informele assessering sal die onderwyser in staat stel om die leerder se vordering deur die kwartaal te moniteer.

Assessering word opgeteken en daar word aan ouers verslag gelewer. Dit is nie nodig om al die leerder se werk in lewensvaardigheid formeel aan te teken nie. Dit is wenslik om sekere van die leerder se werkstukke te behou wat vordering oor 'n tydperk kan aandui. Die onderwyser kan die leerder 'n keuse gee om van die werk te hou, wat 'n goeie aanduiding van die leerder se vaardighede op 'n bepaalde tydstip sal gee. Dit kan in lêers geplaas word en tydens oueraande en onderhoude uitgestal word. Andersins kan leerders se werk in die klaskamer uitgestal word. Leerders kan hul werk op 'n sekere stadium huis toe neem sodat die klaskamer nie oorvol en deurmekaar raak nie.

### 4.2 Assesseringsprogram

Assessering in lewensvaardigheid gedurende die grondslagfase is meestal informeel en deurlopend van aard. Die formele assessering van elke leerder wat een keer per kwartaal moet plaasvind, moet formeel deur die onderwyser opgeteken word.

### 4.3 Inklusiwiteit

Vir die meeste leerders sal graad R en graad 1 ‘n totaal nuwe ondervinding wees. Hulle sal verskillende opvoedkundige ondervindinge beleef en verskillende vaardighede ontwikkel. Die onderwyser moet elke leerder se behoefte deur middel van formele en informele assessering identifiseer. Dit mag vir leerders nodig wees om werk in te haal, terwyl ander leerders verrykende aktiwiteite kan doen. Die onderwyser moet daartoe in staat wees om alle leerders in die leerplanne en in die assessering te akkommodeer.

### 4.4 Rekordering en verslaggewing

Rekordering is die proses waarby die onderwyser die vlak van die leerder se prestasie in ‘n spesifieke assesseringstaak bepaal. Dit dui die leerder se vordering ten opsigte van die bemeestering van kennis aan soos wat dit in die *Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring* uiteengesit is. ‘n Verslag van die leerder se prestasie is ‘n bewys van die leerder se konseptuele vordering binne die graad en of sy/hy gereed is om na die volgende graad bevorder te word.

Deur verslaghouding word leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander betrokkenes bekend gemaak. Verslaggewing van leerderprestasie kan op verskeie maniere plaasvind. Dit sluit rapporte, ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyserkonferensies, telefoongesprekke, briewe, klas/skoolnuusbriewe, ensovoorts in. In alle grade word daar persentasiegewys oor vakke verslag gelewer. Die prestasievlakke word op ‘n sewepuntskaal vir elke vak vanaf graad R tot graad 12 aangedui. Die verskillende prestasievlakke en die ooreenstemmende persentasies verskyn in die volgende tabel.

**KODES EN PERSENTASIES VIR REKORDERING EN VERSLAGHOUDING**

| PRESTASIEKODES | BESKRYWING VAN DIE VAARDIGHEID | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | Uitnemende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Merieteprestasie | 70 - 79 |
| 5 | Substansiële prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Bevredigende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Gemiddelde prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Elementêre prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Nie bereik nie | 0 - 29 |

Onderwysers sal die werklike punte teenoor die taak aanteken deur van ‘n rekorderingsblad gebruik te maak; en lewer dan verslag met persentasies vir die vakke op die leerders se rapportkaarte.

### 4.5 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende gelees word:

4.5.1 die *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement, Grades R - 12;* en

4.5.2 die beleidsdokument, *National Protocol for Assessment Grades R - 12.*